

BOEKBESPREKINGS/BOOK REVIEWS

ALFRED M DE ZAYAS, *Nemesis at Potsdam: The Anglo-Americans and the expulsion of the Germans*, Routledge + Kegan Paul, hersiene uitg. 1979, xxvii + 268 pp., bibl., indeks, voetnote, illus., versprei deur Macmillan (S.A.), sagteband, R9,15.

Nemesis at Potsdam is 'n verhaal van menslike tragiek en grenslose ellende; dit is 'n verhaal van verwyte en haat en kan as sodanig geen leser onbeïnvloed laat nie. Maar *Nemesis at Potsdam* is ook grootliks 'n vergete verhaal — vergete omdat menslike smart en ellende te dikwels in die hoofstroom van historiese gebeure verontagsaam word. Die historikus kan weliswaar die verlede rekonstrueer, maar faal dikwels daarin om die “menslike” in die verlede aan die vergetelheid te ontruk. Dikwels is die gebeure van só 'n traumatiese aard dat 'n rekonstruksie daarvan op papier nooit kan geskied nie. Is dit byvoorbeeld moontlik om werklik die ellende en smart van 'n 86-jarige ou vrou wat deur Russiese soldate verkrag word, voor te stel? Of van 'n moeder wat wanhopig die laaste druppels melk uit haar borste forseer om haar sterwende suigeling te voed? Of van 'n moeder wat moet aanskou hoe haar kind voor haar oë met 'n graaf doodgeslaan word?

Toe die Tweede Wêreldoorlog op 3 September 1939 as gevolg van Duitse aggressie teen Pole ontken is, het die Westerse demokrasieë één doel voor oë gehad — die vernietiging van die Nasionaal-Sosialistiese diktatorskap in Duitsland. Die oorlog is in die eerste plek aan die grenslose “grondhonger” van Hitler en sy Nasionaal-Sosialistiese Duitse Arbeiderparty toegeskryf. In 1936 het Hitler die Locarno-verdrae opgeskeur en sy troepe in die gedemilitariseerde Rynland ingestuur; in 1938 het hy Duits-Oostenryk by sy Derde Ryk ingelyf en in September van dieselfde jaar het hy Sudetenland uit Tsjeggo-Slowakye gewring. Toe Hitler in Maart 1939 vir president Hacha verplig om Slowakye in 'n Duitse protektoraat te omskep, het sy argument dat hy slegs daarop bedag was om “Volksduitsers” buite die Ryk weer in die Ryk te verenig, in duie gestort. Brittanje en Frankryk het besef dat Hitler meer beoog het as die blote inlywing van “Volksduitsers” buite die Ryksgrense.

Die Britte, Franse en selfs die Amerikaners het minstens tot ná die inlywing van die Sudetenland meegevoel met Hitler se optrede gehad, want hulle het immers besef dat nóg die Verdrag van Versailles nóg die Verdrag van St. Germain die vraagstuk van selfbeskikking bevredigend die hoof gebied het. Die 3,5 miljoen Sudeten-Duitsers wou byvoorbeeld reeds ná die val van die Habsburgryk (1918) met óf Duits-Oostenryk óf Duitsland verenig, maar die vredemakers het hulle by die nuwe staat Tsjeggo-Slowakye ingelyf. Die probleem van nasionale minderheidsgroepe was een van die mees tergende na-oorlogse vraagstukke, en dit het van meet af aan die stabiliteit in Sentraal- en Oos-Europa ondermyn.

Ten spyte van die nuwe staat Tsjeggo-Slowakye se pogings om dié land in 'n tweede Switserland te omskep, is daar op allerlei wyses teen die Sudeten-Duitsers gediskrimineer. Vooraanstaande internasionale geleerdes soos Arnold Toynbee en Bertrand Russell het gedurende besoeke aan die Sudetenland bevind dat die Duitsers se regte nie altyd erken is nie en dat die Duitsers nie onder Tsjeggiëse gesag wou wees nie. Toe Duitsland swak was, was daar weinig wat die Sudeten-Duitsers kon doen om groter outonomie van die Tsjeggiëse staat te verkry. Die opkoms van Hitler het sake verander. Die Sudeten-Duitsers onder leiding van Konrad Henlein het na Hitler opgesien om hul regte te beskerm en groter outonomie vir die Sudetenland te verkry.

Dat Henlein se “Sudetendeutsche Partei” (SdP) met die Nasionaal-Sosialiste saamgewerk het, is onbetwisbaar, maar dit is geheel en al foutief om te beweer dat die SdP en die Sudeten-Duitsers in alle opsigte 'n “Vyfde Kolon” vir Hitler was. Vir die Sudeten-Duitsers het dit in die eerste plek om outonomie van Tsjeggo-Slowakye gegaan en nie om die bevordering van Hitler se wêreldbeskouing nie. In dié sin was die Sudeten-Duitsers, net soos die Duitsers in Duits-Oostenryk, die genadelose slagoffers van “Gleichschaltung” en die “Parteibonzen”.

Natuurlik het die Tsjeggiëse owerhede, en dan veral Benes en Masaryk, die Sudeten-Duitsers as Hitler se “Vyfde Kolon” beskou en hulle vir die vernietiging van Tsjeggo-Slowakye verantwoordelik gehou. Gevolglik het Benes reeds kort na die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog daarvoor begin pleit dat die Sudeten-Duitsers uit Sudetenland verban moes word. Die Britte het aanvanklik nie Benes se siening gedeel nie en het die gedagte van 'n bevolkingsverskuiwing en 'n verbroekeling van die Duitse staat teëgestaan. Churchill het by herhaling daarop gewys dat die Britte teen Hitler en die Nasionaal-Sosialiste oorlog voer, maar nie teen die Duitse volk nie.

Gaandeweg het die Geallieerdes nie meer tussen die Nasionaal-Sosialiste en die Duitse volk 'n onderskeid getref nie en is die Duitsers gesamentlik vir die oorlog verantwoordelik gehou. In terme hiervan het die gedagte van massiewe bevolkingsverskuiwings by die Geallieerdes posgevat en teen die einde van die oorlog was sowel die Britte as die Amerikaners daarvan oortuig dat die verskuiwing van Duitsers vanuit die Ooste die enigste waarborg vir blywende vrede sou wees. Die gedagte om bevolkings te verskuif was natuurlik niks nuuts nie; trouens, die Neo-Assiriëse Ryk het tussen 883 en 627 v.C. sowat 4,5 miljoen mense verskuif en in

ons moderne tyd het die Amerikaners en later ook die Suid-Afrikaners, die inheemse bevolkings na "reservate" en "tuislande" verskuif. Toe Hitler Pole beset, het hy duisende Pole in die westelike gebiede van die land na die ooste verskuif.

Die besluit om Duitsers ná die Tweede Wêreldoorlog te verskuif, kan aan baie faktore toegeskryf word. In die eerste plek wou die oorwinnaars die Duitsers straf, iets wat volkome verstaanbaar was, in die lig van die Nasionaal-Sosialistiese gruweldade (ses miljoen Jode is in gaskamers op onmenslike wyse om die lewe gebring). In die tweede plek het die Geallieerdes, nie altyd ten regte nie, geglo dat die Duitse minderhede buite die Ryk as "Vyfde Kolon" vir Hitler se magsuitbreiding gedien het. Daar is nooit tussen gewone onskuldige mense en "Parteibonzen" onderskei nie. In die derde plek is bevolkingsverskuiwings gekoppel aan kompensasie.

Dit is oorbekend dat die Russiese leier, Stalin, nie bereid was om die Poolse grens in die ooste na die Curzonlyn terug te skuif nie en dat hy Russiese gesag oor vyf miljoen Pole uitgebrei het. Pole moes derhalwe vir die verlies van Oos-Pole met Duitse grondgebied in die Weste vergoed word. Die ironie hiervan is dat die Britte, wat juis Duitsland die oorlog aangesê het om die integriteit van Pole te beskerm, bereid was om aan Stalin se eis toe te gee. Trouens, Churchill het dieselfde druk op die Poolse bannelingleier, Mikolajczyk, uitgeoefen om Oos-Pole aan die Russe af te staan as wat Hitler in 1939 op Hacha uitgeoefen het. Om Pole in die Weste te vergoed, moes die Duitsers onder meer uit Oos-Pruise, Pommere en Silesië verskuif word.

Een saak moet hier baie duidelik gestel word: die verskuiwing van die Duitsers kan slegs begryp word in terme van die misdade wat Hitler teen die mensdom gepleeg het. Dat onskuldige mense vir sy dade moes boet, is die diep menslike tragedie wat immers met elke verwoestende oorlog gepaard gaan. Dit mag ook nooit vergeet word nie dat Hitler in die eerste plek aan die verskuiwing van die Duitsers aandadig was, want sy irrasionele geloof aan 'n uiteindelijke "Endsieg" het Duitsland aan die einde van 1944 in die vyande se vuurpoel van wraak, haat en veragting gestort.

Die verskuiwing en verbanning van die Duitsers uit hul oostelike "Heimatländer" het in drie stadiums plaasgevind. Die eerste stadium was 'n vrywillige ontruiming ten einde die Russiese wraak te ontком. Die tweede fase was 'n onwillige en ongeorganiseerde ontruiming wat deur die Pole en Tsjegge van stapel gestuur is en die derde fase was die sogenaamde "orderly and humane transfer of peoples" soos voorsien is in artikel XIII van die Potsdamse Protokol.

Op 16 Oktober 1944 het die Russiese Rooi Leër vir die eerste keer sedert Hitler in 1941 Rusland aangeval het, die grense van die Derde Ryk *via* Oos-Pruise binnegeval. Binne enkele dae sou die Russe aan die Duitsers demonstreer wat hulle onder vergelding vir die Duitse inval in die Sowjetunie verstaan het. In die geskiedenis van die Duitse bevolkingsverskuiwing het die naam van die klein Oos-Pruisiese dorpie, Nemmersdorf, sinoniem geword met van die ergste gruweldade wat gedurende die Tweede Wêreldoorlog teen Duitse burgerlikes gepleeg is. Kortom, die Russe het al hul haat en wraak teenoor die Duitsers op die nagenoeg 100 inwoners van Nemmersdorf uitgehaal. Die Russiese vergelding het eenvoudig geen perke geken nie en 'n ieder en elke inwoner van Nemmersdorf is ongeag ouderdom of geslag op die mees brutale wyse denkbaar om die lewe gebring.

Die nuus van die Russiese wandade teenoor die inwoners van Nemmersdorf het soos 'n veldbrand deur die oostelike provinsies van die Ryk versprei, en was vir duisende Duitsers die teken dat hulle huis en haard moes verlaat ten einde aan die Russiese vergelding te ontком. Ná Oktober 1944 was die kolonne vlugteling 'n daaglikse toneel. Op allerlei denkbare wyses het die Duitse bevolking van die ooste gepoog om 'n heenkome in die weste van die Ryk te vind. Die ellende waarmee hierdie "vrywillige ontruimings" gepaard gegaan het, kan nouliks in woorde gestel word. Waar die vlugteling se weg dié van die Russe gekruis het, het dit gewoonlik twee dinge beteken: verkragting en moord.

Na die onvoorwaardelike Duitse oorgawe in Mei 1945 het die Pole, wat met Russiese steun onmiddellik begin beslag lê het op die oostelike provinsies van die Ryk, begin om alle Duitsers in Oos-Pruise, Pommere, Silesië en dele van Brandenburg, sover wes as die Oder- en Neisseriviere, na die weste te verdryf. Terselfdertyd het die Tsjegge die Duitsers uit die Sudetenland begin verban. Die massiewe verbanning van die Duitsers het in die Britte en Amerikaanse sones tot 'n ongeëwenaarde vlugtelingprobleem aanleiding gegee en alhoewel die Britte en Amerikaners te Potsdam toegegee het dat die Duitsers verskuif moes word, het hulle 'n langtermyn en ordelike verskuiwing in gedagte gehad. Volgens die skrywer van *Nemesis at Potsdam* het die Britte en Amerikaners se onvermoë om te sorg dat die verskuiwings op 'n "orderly and humane" wyse geskied, hulle aandadig gemaak aan 'n vorm van menslike onderdrukking waarteen hierdie lande juis vir Duitsland die oorlog aangesê het.

Sake het wel ná 1947 ietwat verbeter, maar dat twee miljoen Duitsers as gevolg van die "orderly and humane transfers", gewoonlik in oop en onverhitte treintrokke omgekom het, is 'n feit wat baie jare lank vergeet is. Wat ook te dikwels vergeet word, is dat nóg die Britte nóg die Amerikaners verhoed het dat die Poolse wessgrens tot aan die Oder- en Neisseriviere verskuif word. Hulle was bereid om Pole vir sy verlies in die ooste te kompenseer met dele van Oos-Pruise, Pommere en selfs Bowe-Silesië, maar nooit met die hele Silesië en twee derdes van Brandenburg nie. Ofskoon die gedagte van 'n bevolkingsverskuiwing die

Geallieerdes se goedkeuring weggedra het, is dit nietemin nooit voorsien dat 15 miljoen Duitsers van hul grond en bodem, waar hulle vir 700 jaar woonagtig was, verdryf sou word nie.

Nemesis at Potsdam is 'n tragiese verhaal wat te lank vergete gebly het. Ongelukkig is dit 'n verhaal waaroor daar nog nouliks "objektief" geskryf kan word. Die skrywer het wel alles in die stryd gewerp om onbetrokke na sy onderwerp te kyk, maar slaag nooit ten volle daarin om op 'n afstand te staan nie. Waar dit om die lotgevalle van mense gaan, kan geen skrywer onverskillig staan nie. 'n Mens kan net hoop dat die woorde van Albert Schweitzer ook in die toekoms ernstig opgeneem sal word deur alle lande wat hulself as beskaafd, en selfs Christelik, beskou: "*The most grievous violation of the right based on historical evolution and of any human right in general is to deprive populations of the right to occupy the country where they live by compelling them to settle elsewhere ...*"

WERNER VAN DER MERWE
Universiteit van Suid-Afrika

ERIK P HOFFMANN en FREDERIC J FLERON, Jr. (reds.), *The Conduct of Soviet Foreign Policy*, Aldine Publishing Co., New York, 1980, x + 761 pp., prys \$34,95.

Dit is seker onnodig om te beklemtoon hoe belangrik 'n kennis van die buitelandse beleid en beleidsoogmerke van die Sowjet-Unie is. Tans is daar verskeie lande ter wêreld wat direk of indirek deur Sowjet-imperialisme bedreig word, of hulle bedreig voel. Sedert die ontstaan van die na-oorlogse bipolarêre wêreldorde speel Rusland een van die hoofrolle in die drama van internasionale betrekkinge. So onlangs as Desember 1981 het die Sowjet-Unie onomstootlik aan die Poolse onafhanklike vakbond "Solidariteit" getoon watter "agting" die Kremlin het vir enige afwyking van die Brezhnev-doktrine in Oos-Europa. Trouens, nog lank voor die Poolse krisis breekpunt bereik het, het Russiese troepe vir die eerste keer sedert die Tweede Wêreldoorlog 'n onafhanklike staat — Afghanistan — binnegeval.

Die stelselmatige agteruitgang van die eens magtige "Pax Americana" beklemtoon verder die aktualiteit van die huidige Russiese buitelandse beleid. Ten spyte van al De Gaulle se pogings om in die sestigerjare 'n Europese "derde mag", onafhanklik van Amerika, tot stand te bring, weet ons vandag dat Europa se opsies nog steeds vasgevang is in die bipolarêre wêreldorde, en dat kanselier Helmut Schmidt se pogings om die Duitse Bondsrepubliek in die sfeer van buitelandse politiek meer "onafhanklik" te laat optree, uiteindelik net in óf die guns van Moskou óf dié van Washington kan geskied. In ander wêreldstreke is dié opsies nie veel anders nie.

Dat daar in die lig van hierdie omstandighede en die onsekerheid oor die toekomstige lotgevalle van die mensdom 'n intense belangstelling in Rusland bestaan, is begryplik. In die VSA neem die aantal studente wat jaarliks die Russiese buitelandse beleid bestudeer, steeds toe. Die aanvraag na geskikte literatuur oor die onderwerp neem daagliks toe. Verder verskyn daar feitlik daagliks nuwe gegewens oor die Russiese buitelandse beleid. Dit word al hoe moeiliker om aan studente geskikte leesstof oor so 'n wye onderwerp te verskaf.

Erik P Hoffmann en Frederic J Fleron poog om met hierdie werk hierdie leemte te vul. Dié boek is in alle opsigte 'n bloemlesing wat in die eerste plek diens as naslaanwerk moet doen. Studente ontvang die geleentheid om in een band kennis te maak met 39 skrywers se siening van die sewe mees omstrede aspekte van die Russiese buitelandse beleid. Dit stel hulle nie net in staat om met verskillende vertolkings kennis te maak nie, maar kan ook dien as basis vir seminare en groepsbesprekings.

Studente wat belangstel in die Russiese buitelandse beleid en die Russe se formulering en benadering daarvan, behoort ongetwyfeld van hierdie werk kennis te dra.

WERNER VAN DER MERWE
Universiteit van Suid-Afrika

AM FAURE e a (reds.), *Die Westerse Politieke Tradisie*, H en R Academica, Pretoria, 1981, 469 pp.

Hierdie werk is saamgestel om as 'n handleiding vir studente in die Staatsleer en Filosofie te dien. Albei hierdie dissiplines stel uit die aard van die saak belang in die wordingsgeskiedenis van die Westerse politieke tradisie en die teoretiese gedagte-wêreld wat dit ten grondslag lê.

As die doel van hierdie boek in ag geneem word, kan 'n mens weinig fout daarmee vind. Die skrywers het geen volledige sintese van die ontwikkeling van die Westerse politieke tradisie beoog nie en selfs die inleiding bied eerder 'n kennismaking met die terrein as 'n vertolking daarvan. Ons het dus hier bloot 'n handboek — en niks meer en niks minder nie.

WERNER VAN DER MERWE
Universiteit van Suid-Afrika

RAYMOND CARR en JUAN PABLO FUSI AIZPURUA, *Spain: Dictatorship to Democracy*, George Allen and Unwin, London, 2nd ed., 1981, XXI + 288 pp., index, R23,40.

Op 15 Junie 1977 het die Spaanse volk vir die eerste keer in 41 jaar weer na die stembus gegaan om vir Spanje 'n demokratiese bewind te verkies. Onder die ses belangrikste politieke partye wat aan hierdie verkiesing deelgeneem het, was onder andere die Sosialiste (PSOE) en Katolieke Christen-Demokrate. Wat die uiteenlopende politieke doelstellings van hierdie partye ook al was, almal was oor een saak eenstemmig — dié keer moes Spanje sy demokrasie permanent vestig en voorkom dat die gebeure van die verlede herhaal word. Teen 1982 kan dit met 'n hoë mate van sekerheid gekonstateer word dat Spanje se jongste demokratiese eksperiment met sukses bekroon is. Vandag is Spanje 'n betreklik stabiele en moderne demokrasie wat sy plek as industriestaat in die Europese gemeenskap volstaan.

Spanje se weg na politieke stabiliteit en ekonomiese vooruitgang was egter moeilik en uiters onstuimig. Trouens, dit was juis Spanje se onvermoë om gedurende die dertigerjare van hierdie eeu 'n stabiele demokrasie te vestig wat die land 40 jaar lank in die wurggreep van 'n tradisionele Rooms-Katolieke diktatorskap vasgevang het. Generaal Franco het gedurende dié tydperk in sy hoedanigheid as "Caudillo" (leier) daarvoor gesorg dat hy "die Spaanse politiek is."

In hierdie werk beoog die twee skrywers, wat albei erkende kenners van die Spaanse geskiedenis is, om die resente Spaanse verlede krities te bekyk, daardie "onstabiele faktore" van nader te ondersoek en te ontleed.

Alhoewel hierdie werk 'n sterk politieke inslag vertoon, het die skrywers nietemin ander gewigtige faktore wat tot die vorming van die teenswoordige Spanje bygedra het, behandel. Die slotsom waartoe hulle raak, is dat Spanje, in weerwil van die feit dat negentiende eeuse liberalisme daar ontstaan het, wesenlik 'n agterlike land gebly het. Verdeeldheid binne die Spaanse nasionale staat, 'n semi-feodale klassestruktuur, vertraagde industrialisasie en 'n swak ontwikkelde stedelike profiel was van die belangrikste faktore wat aan Spanje sy politieke onstabiele besorg het.

Alhoewel 'n kennis van Spaanse geskiedenis in Suid-Afrika bloot marginale waarde besit, bied dié studie nogtans insae in die lotgevalle van 'n relatief, immers tot 25 jaar gelede, agterlike samelewing en die stryd om die land te moderniseer en deel van die twintigste eeu te maak. Dit is 'n lesenswaardige boek wat deeglik nagevors is en logies aangebied word.

WERNER VAN DER MERWE
Universiteit van Suid-Afrika

KWAN HA YIM (ed.), *China since Mao*, Macmillan, London, 1980, 202 pp., map, index.

On 9 September 1976 Mao Tse Tung, who had dominated Chinese politics for nearly three decades, passed away leaving behind him a China "caught up in the contradiction between its commitment to permanent revolution and its intense desire for modernisation". "China-watchers" held their breath. At stake was not only the future of some 900 million people in the world's most populous Nation, but also the balance of power on which rested the peace of the World. The death of Mao, "one of the titans of our times", as Henry Kissinger once described him, left an unbearable vacuum in the Chinese leadership. Few observers, whether inside or outside China, could predict who the new Chinese leaders would be.

In this volume, editor Kwan Ha Yim has attempted to outline the course of events in post-Mao China from the death of Chou-En-lai in January 1976 to the consolidation of a new regime under the du-umvirate of Chairman Hua-Kuo-feng and Deputy Premier Teng Hsiao-ping in 1979. During this transitional period,

events were fluid and often unexpected. With the benefit of hindsight, however, the intrigues, twists and turns do fall into some sort of pattern.

Mao Tse Tung was a remarkable man who rose from rice paddies to create a commanding totalitarian society. According to the author, he came the closest of all Modern Chinese to the model of the peasant-emperor celebrated in Chinese historical lore. His "great long march", his few decades of struggles with the Kuomintang, with the Japanese and finally with the Russians and his reconstruction of Chinese society which was conducted with such monstrous energy, remain epics in Chinese history.

Yet, for all his attributes, Mao was not wholly unaffected by human foibles brought on by old age and failing health. In his twilight years, Mao imagined that he was threatened by conspiracies by comrades who he suspected were trying to undo all that had been accomplished for socialist reform. A number of these comrades — Liu Shao-Chi, Lin Piao, Teng Hsiao-ping, Chen Po-ta were removed from power. Premier Chou-En-lai was one of the few who escaped Mao's wrath. After 1966 Mao's piques against his comrades saw him launching angry masses on his own party and state officials in the "Great Proletarian Cultural Revolution" which engulfed China in turmoil.

The Cultural Revolution brought the radical Ching Ching, Mao's wife, to a position of prominence and power. She formed an alliance with the Minister of Defence, Lin Piao, and surrounded herself with firebrands such as Chang Chun-chiao, Wang Hung-wen and Yao Wen-yuan. It appeared as if she had become the power behind the throne, especially when in 1973, her protégé, Wang Hung-wen was elected Deputy Chairman of the Chinese Communist Party, ranking next to Chou En-lai.

But their power did not last. After the turmoil and anguish of the Cultural Revolution, Mao Tse Tung decided to reorientate his policy with the encouragement of premier Chou-En-lai. This reorientation of policy included the normalization of diplomatic relations with the United States and China's modernization. The framework for these policies has been pursued by Mao's successors.

As Mao's end approached and concerned about the future of his wife and her radical coterie, he attempted to establish a coalition (albeit shaky) between moderate bureaucrats and the Cultural Revolution Left. It is the author's view that Mao's personal choice of Hua Kuo-Feng to succeed Chou En-lai was probably intended to continue the coalition policy. The coalition did not survive Mao's death and this volume deals, then, with the intrigues and twists that saw the victims of Mao's purges regaining the initiative. In this regard the devise of the "Gang of Four" headed by Chiang Ching, features prominently. Attention is also paid to the impact of the horrendous earthquake in Northern China in 1976, the rehabilitation of Teng Hsiao-Ping, Sino-Soviet tension, the tilt to the West and the normalization of relations with the United States and the Chinese invasion of Vietnam.

The style is easy and very readable. There is, however, one unavoidable defect and this is that events have succeeded this book: for instance, Hua Kuo-Feng has been displaced as Mao's successor. Still, for those seeking a concise account of the immediate turbulent years following the death of Mao Tse Tung this volume will be valuable.

DM SCHER
University of South Africa

RK WEBB, *Modern England from the 18th century to the present*, second edition, George Allen and Unwin, London, 1980, xiv + 685 pp., illus., bibl., index.

The author who is Professor of History at the University of Maryland, has successfully attempted to encompass the whole sweep of English history from 1760 to 1979 in a single volume. Despite this daunting task, Professor Webb has produced a highly readable and well-researched work that reflects the latest advances in modern historical research and writing. Adopting an inter-disciplinary approach, he has skilfully interwoven political, economic, social, intellectual and religious history into a coherent whole that makes for colourful and at times gripping reading.

Some of the themes discussed in these momentous two hundred years are the eventful reign of George III, the agitation for reform in the 1770s, Britain overseas, the economic revolutions, the effect of the French Revolution on British policy, the emergence of liberalism in the 19th century, the impact of reform on Victorian England, England and the First World War, the trials of democracy between the Wars and the postwar era in prospect. There are also enlightening passages on England's geographical position and the development of the English economy, society and culture.

The work is concluded by useful appendices dealing with the monarchy, aristocratic titles, the

Church of England, the English system of law, English currency and the structure of local government. At the end of each chapter are detailed summaries of selected further reading.

A model of lucid and incisive writing, this work will be of great value to students of modern English history.

DM SCHER
University of South Africa

A BALAWYDER (ed.), *Cooperative Movements in Eastern Europe*, Macmillan, London, 1980, x + 21 pp., index.

This work is the product of a symposium on the social and economic movements in Eastern Europe held at St. Francis Xavier University in 1978. Since it was considered unnecessary, and in some ways almost impossible, to deal with all such movements, and because of the availability of expertise, it was decided to confine the discussions to Czechoslovakia, Yugoslavia and Poland.

As pointed out by the editor, in certain important aspects Poland, Slovakia (a province of Czechoslovakia) and Slovenia in Yugoslavia shared rather similar developmental histories. Before 1919 all were dominated by foreign rulers. During the interwar period the two provinces formed part of independent states and Poland was recreated. All of the newly established states were overrun by the Nazis in World War II and subsequently fell within the Communist orbit.

A little-known fact that emerges is that Slovakia, today part of Czechoslovakia, was the first country in continental Europe to organize a cooperative which in its structure, organization and purpose was similar to present day credit unions. This early establishment of the cooperative movement in 1845 was due to the harsh socio-economic and political situation in which the subject peoples lived in Austria-Hungary. Oppressed and poverty-stricken, the Slovaks united to improve their economic situation, and cooperation aided them to attain national maturity that led to political independence. The Slovakian cooperative movement spread to other eastern European countries.

A feature common to all three countries under discussion was the role played by the clergy, both Catholic and Protestant, in initiating cooperatives and credit unions. The ostensible aim was to assist the people in their struggle against unscrupulous entrepreneurs. But the cooperative movements did more than that. It enabled the subject peoples to preserve their national cultures and retain their languages. It would be true to say that the interwar period saw the cooperative movements reach their high-water mark.

During the second world war, after an initial period of toleration, a concerted effort was made to destroy the cooperative movements as they were seen as foci of resistance. Outwardly, the succeeding Communist regimes attempted to revive the cooperatives and credit unions. This effort was replaced by a drive to assimilate the movements into the central planning of the state. The authors ruefully conclude the traditionally free, democratically elected cooperative has little chance of surviving under a Communist regime.

The serious student of eastern European history will find this book informative, though, at times, a trifle heavy.

DM SCHER
University of South Africa

EH CARR, *From Napoleon to Stalin and other essays*, Macmillan Press, London, 1980, ix + 277 pp. index.

EH Carr is one of the major historians of our time. Best known for his *What is History* and his fourteen volume *History of Soviet Russia*, Carr's work is characterised by minute, careful and well documented study.

It is appropriate, therefore, that the publishers have seen fit to publish this collection comprising thirty-two historical and biographical essays written over the past thirty years.

Perhaps, surprisingly, few of the essays in the collection deal with the subject which has been the major theme of Carr's work since 1945, and about which he has written an enormous amount — the history of the Russian revolution. But, as he confesses, this has never been far from his thoughts. As he states, the Russian revolution was an event in Russian history, but it was also an event of worldwide significance. Carr sees this balance as important. To overemphasise its Russian aspect is to treat it as an event in a faraway country with no lessons for the West. To underemphasise its Russian characteristics is to assume that a Western revolution pursuing aims akin to those of the Russian revolution would necessarily have taken the same course and incorporated the same elements of a specifically Russian background.

Part I of the collection is devoted to historical perspectives. Casting his net widely, Carr deals with nineteenth century Europe — a period of immense turmoil and achievement, the League of Nations, the United Nations, Lloyd George, Churchill and the Russian Revolution and the German General Staff. In Carr's words, "Remembrance of these things ... must ... sharpen one's consciousness of the deep cleft which divides that remote age from the present and of the historical process that brought it about. A civilization perished in 1914. The Second World War demolished even the ruins which the first had left standing. Technological advances have both softened and intensified the impact of change. But nobody who lived in the past, and is conscious of the magnitude of the gulf which separates the then from the now, can believe that the option of a return to it is open. The historical process cannot be reversed".

Carr is on familiar ground in part II which comprises essays in Russian history. His topics include the Pan-Slav tradition, rival Russia, Bolsheviks and peasants, the Third International, the legacy of Stalin and Jewry under Bolshevism. These essays are written with feeling and perception.

Part III comprises personal sketches which he has grouped together under the heading "profiles". Carr has been careful to depict his subjects — five of them historical figures, five of them friends with whom he was to some degree associated at different periods of his life — against the social and political background of their careers. This section is in a sense a confession of faith that Carr is not committed to an impersonal view of history. The profiles include portraits of such diverse personages as Karl Rade, Bukharin, James Headlam-Morley, Harold Laski, Karl Mannheim, Lewis Namier and Stanley Morrison. Carr's descriptions are both vivid and memorable. Thus, his portrayal of Radek:

"His personal relations were, for the most part, political relations. He was capable of generous impulses, but here too he had no firm or abiding loyalties. He was too clever by half; and his wit was often tinged with malice. He was kept at arm's length because he was generally felt to be irresponsible and unreliable. This is why, though on many occasions his outstanding gifts stood the regime in good stead, he never reached any position of influence or power. Nobody, except perhaps his enemies, took him quite seriously. He shone brightly, not to say flashily. But he was never as important a star in the Soviet constellation as most foreigners thought him".

Finally, part IV deals with Carr's thoughts on socialism and communism. His views are balanced and objective with a sound historical background. The collection is concluded by an entertaining and informative interview conducted with Carr in 1978 which deals with the significance of the Russian revolution and its relevance for the Left today.

DM SCHER
University of South Africa

J WACHER, *The Coming of Rome*, Routledge & Kegan Paul, London, 1979, xiii + 193 pp., illus., maps, bibliography.

This volume is the third in a series, *Britain before the Conquest*. The series deals with the archaeological history of the British Isles between 1500 BC and 1066 AD and is under the general editorship of Andrew Wheatcroft.

John Wacher is the author of numerous papers and books on Roman Britain. He is a reader in archaeology at Leicester University and is the chairman of the Roman Society's committee which advises the British government on a rescue policy for Roman period remains.

Like the other four volumes in the series, *The Coming of Rome* is popular by nature and is aimed at bringing the "often obscure findings of scholarship" to a wider audience. The book includes numerous carefully selected photographs, maps and plans by means of which the reader is able to form a visual image of the period.

Mr Wacher examines the Roman conquest of Britain and its impact on British society. He looks at basic features of Roman Britain such as its cities and urban culture and illustrates these features with evidence from inscriptions and other archaeological remains. He briefly examines both Romano-British society and the importance of Britain as a Roman province.

The book can be recommended for the general reader with little knowledge of the period. Mr Wacher's simple, but never simplistic style and the lavish illustrations make the work a pleasure to read.

J LAMBERT
University of South Africa

M BOUCHER, *French speakers at the Cape in the first hundred years of Dutch East India Company rule: The European background*, Unisa, Pretoria, 1981, 446 pp., R22,50 (AVB en posgeld ingesluit).

Die bydrae van die Franssprekendes en meer bepaald die Franse Hugenote tot die Suid-Afrikaanse geskiedenis het reeds heelwat aandag van historici en andere ontvang. Skrywers soos C Graham Botha, AJ Kannemeyer, JLM Franken, Strangman, AM Hugo, ANE Changuion en Pieter Coertzen het almal 'n bydrae op hierdie gebied gelewer. Op hierdie terrein is die jongste werk van prof Boucher 'n welkome en hoogs wetenskaplike toevoeging.

Dié boek is nie maar net 'n herhaling van reeds bekende feite nie, maar vul 'n besliste leemte in die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing, omdat dit die Franssprekende Protestantse vlugtlinge se koms na die Kaap in die omraming van die Europese geskiedenis plaas.

Soos die titel reeds aandui, val die klem veral op die Europese agtergrond van die immigrante, hoewel hulle lotgevalle aan die Kaap ook die nodige aandag kry.

Die eerste vier hoofstukke van die werk word gewy aan 'n deeglike bespreking van die geskiedenis van die Protestantse geloof in Frankryk sedert die einde van die sestiende eeu tot met die landverhuising van die Calviniste ná die herroeping van die Edik van Nantes in 1685. Alhoewel die skrywer hierdie gedeelte in sy voorwoord as 'n goed verkende terrein beskryf, is dit nogtans 'n verbreding van ons kennis van 'n tydperk wat van regstreekse belang vir die Suid-Afrikaanse geskiedenis is. In die volgende vyf hoofstukke word die herkoms van die Franssprekende immigrante aan die Kaap op 'n streekrondslag bespreek. Vir dié doel het die skrywer Frankryk en die omliggende gebiede in vyf streke verdeel. Die vlugtlinge uit elkeen van hierdie streke wat uiteindelik aan die Kaap tereggekome het en hulle lotgevalle ná die herroeping van die Edik van Nantes word uitvoerig bespreek aan die hand van die beskikbare bronne.

Die voorlaaste hoofstuk word gewy aan Franssprekende Kompanjiesamptenare en besoekers aan die Kaap. In die slothoofstuk word die lotgevalle van diegene wat die Kaap weer verlaat het en elders 'n heenkome gevind het, beskryf. 'n Baie deeglike ondersoek na die geskiedenis van ds Pierre Simond se nagelag in Engeland gedurende die agttiende eeu, wat in hierdie hoofstuk voorkom, is nog 'n aanduiding van die deeglikheid waarmee prof Boucher sy taak verrig het.

Volgens die voorwoord is die skrywer se navorsing in Europa bemoelijk deur argiewe wat as gevolg van oorloë en ander oorsake verlore geraak het of vernietig is. In hierdie opsig verwys hy veral na die argiewe van die gereformeerde kerke in Parys en Orleans en die munisipale argiewe van Dieppe en Middelburg. Daarom is dit so noodsaaklik dat hierdie navorsing gedoen is voordat nog meer oorspronklike argiewe miskien verlore raak.

Soos uit die bibliografie blyk, was prof Boucher se navorsing deeglik en omvangryk. Afgesien van 'n uitgebreide lys gepubliseerde werke, het hy ook insae gehad in talle tersaaklike bronne in staats-, munisipale en kerkargiefbewaarplesse in Frankryk, België, Nederland, Groot-Brittanje en Suid-Afrika. Dit is duidelik dat daar baie min bronne oor hierdie onderwerp kan wees wat hy nie onder oë gehad het nie.

'n Minder belangrike punt van kritiek wat na my mening teen die werk geopper kan word, is die talle Franse aanhalinge in die teks. Dit bemoelijk die lees van die boek vir die leser wat nie Frans magtig is nie. 'n Kort Engelse samevatting van die aanhaling tussen hakies of selfs in 'n voetnoot sou verkiesliker gewees het.

In sy geheel gesien is dit 'n boek wat die skrywer tot eer strek en wat vir die historikus, die genealoog of die gewone leser met 'n belangstelling in ons geskiedenis van ewe groot waarde sal wees. In sy voorwoord spreek prof Boucher die hoop uit dat hierdie werk ander navorsers sal aanspoor om die geskiedenis van die Franssprekende immigrante na die Kaap uit elkeen van die verskillende streke van herkoms vollediger te ondersoek. Daarby wil ek die hoop uitspreek dat die resultate van prof Boucher se navorsing ook andere mag inspireer om soortgelyke ondersoeke na die herkoms-geskiedenis van die Kaapse immigrante uit ons ander stamlande aan te pak.

GC DE WET
Kaapse Argiefbewaarples

PETER CLARKE, *Liberals and Social Democrats*, Cambridge University Press, Cambridge, paperback edition, 1981, xiii + 344 pp., bibl., index.

Until the first appearance of Peter Clarke's book in 1978 it was not clearly perceived how much social democracy had imbibed the ideas of radical Liberalism. Nor was the kind of Liberalism espoused by Graham Wallas, LT Hobhouse, JA Hobson and JL Hammond — the ideologues of this study — a diluted mixture of Old Liberalism and emergent socialism, as other scholars had suggested. Clarke's claim that a common ideological progressivism united advanced Liberals and the Labour Party debunks previous assumptions that Liberalism was solely a medium for preaching an exclusively capitalist gospel. His

hypothesis is that New Liberalism was essentially radical and that no fixed boundary existed between Liberal and Labour reform after the passing of Gladstonianism. New Liberalism permeated the social and economic reform which led to the "welfare state" of the 1940s. The New Liberals are identified as catalysts in the reform process, while Labour tended to retard such ideological vigour by syphoning off energy into the confined territory of trade unionism.

Peter Clarke's book takes its place alongside Michael Freedon's *The New Liberalism* (1978), Colin Matthew's *The Liberal Imperialists* (1973) and Michael Bentley's *The Liberal Mind 1914—1929* (1977) in stressing the primacy of the ideological element in Liberalism. By analysing the letters and diaries of a core group of Liberal intellectuals he has created a convincing profile of the main tenets of New Liberalism. Hobson and Hobhouse are the most prominent and representative progressive thinkers of the Liberal phase in British politics and they, more than the Hammonds or Wallas, shaped Liberal consciousness. Hobson, particularly, is central and in these days when imperialism, like the frontier, has become an area of historical skirmish, Clarke's sane exposition of Hobsonian economics is timely.

Indeed, John Hobson, although more a precursor of Keynes than a Marxist, has had considerable influence in the Marxist tradition because of Lenin's assimilation of much of his analysis of imperialism. According to Hobson, overproduction caused by monopolization of industries under finance capital is the dynamic of modern imperialism. Thus it is not capitalism *per se*, but monopoly capitalism, that is the cause of imperialism. If trusts could be broken up and the purchasing power of the masses increased to enable them to buy all that industry produced, then the motive force for capitalist imperialism would disappear. Such an analysis separates Hobson from the Marxist tradition and as Clarke expertly demonstrates, Hobson is a reformer who believes, with the social democratic tradition, that a process of anti-corporate reform and redistribution of wealth could eliminate the negative effects of capitalism, especially imperialism. Clarke discusses at length the Keynesian mutation of this analysis, hinting that Hobson's Liberalism was only a shade away from Keynesian capitalism. He could also usefully have shown that Lenin took over Hobson's work with slight but crucial modification to serve as the kernel of his argument in *Imperialism: the Highest Stage of Capitalism*. The principal modification Lenin made was to insist that redistributive reforms are impossible and consequently overseas investment outlets are the only alternative for monopoly capitalism other than stagnation.

The writer achieves a remarkable crystallization of Liberal thought in his integrated discussion and dissection of the philosophies of his protagonists. The structural juxtaposition of their ideas also permits a thematic treatment. However, there is no attempt to relate ideas to historical actions and Liberalism's impact at the party political level is uncharted. Instead, we learn much about the personal lives of Clarke's subjects. The digression into the historical writing of Lawrence and Barbara Hammond is more apposite than the details of their medical ailments, and certainly the painstaking critique of their *Labourer* trilogy shows the impetus of Liberal ideology in historiography. Its effect was nothing short of "revisionist" and in many ways the Hammonds were foreshadowing the concerns of EP Thompson's *The Making of the English Working Class* (1963).

Of interest to South African historians is the importance Clarke places upon the Anglo-Boer War as the issue which polarized the Fabians and collectivist Liberals and which shifted Liberalism into a new, less unified phase. Each group was striving for pre-eminence and the Fabians, led by Shaw and the Webbs, supported the war against New Liberal condemnation of unbridled imperialism as a violation of self-determination. From this point onward mechanistic and moral reformism chose different courses. If the Anglo-Boer War initiated the cleavage within Liberalism, the First World War brought the collapse of the Liberal Party as a vehicle of Liberal ideology. In 1918 Hobson, Hobhouse and the Hammonds took their brand of reformism into the Labour Party. Party affiliation, however, was secondary to their firm adherence to social democratic doctrines and to some extent they found an affinity with socialists like Laski, Tawney and Cole. Peter Clarke dexterously, often by means of inuendo, depicts the complex relationship between these new compatriots. The "Lib-Lab" link was forged.

Later, the New Liberal remnant, declining in influence with their advancing years, were roundly criticized by more doctrinaire socialists for their refusal to acknowledge the role of class conflict in social change. The impression is created that New Liberal ideas died with their creators. But, this is to overlook the climax of social Liberalism achieved in the works of Keynes and Beveridge in the 1940s. More relevant is the advent in very recent years of the Social Democratic Party in Britain which embraces Liberalism in its widest sense.

GREG CUTHBERTSON
University of South Africa

IAN BRADLEY, *The Optimists: Themes and personalities in Victorian Liberalism*, Faber and Faber, London and Boston, 1980, 301 pp., index.

From the title one expects so much from Ian Bradley's book — an exploration of the liberalism of the Victorians. Instead, the offering is confined to liberalism in the narrower, party political sense. And the kind of liberalism found in these pages reflects the pre-eminence of Gladstonian ideas and hints at the carping intolerance behind the so-called optimism of this powerful Victorian movement.

But the book is welcome because, more than anything else, its subject is ideas, and not political machinations or mere organization. Bradley delves into the conscience and conviction of the Victorian mind and unearths the contradictory strands of Liberalism which drew so many diverse elements together.

The author arranges his material thematically, looking at Voluntarism, Non-intervention, the Non-conformist Conscience and so on. He has succeeded remarkably in dismantling Liberalism into its elemental parts. He also shows the complexity of the movement, drawing attention to its extraordinary composition of Philosophical Radicals in Parliament, supported by disgruntled Nonconformists, manufacturers and others of the middle class.

The ideas that dominate the book are those of JS Mill, WE Gladstone, Lord Acton and TH Green and for some of the time the emphasis is heavily on the rationality and capacity for self-improvement of individuals in an industrial society. Underneath the optimism is an incipient destructiveness bent on a dictatorship of the Nonconformist Conscience. The irony is that its greatest champion, Gladstone, was an aristocrat of High Church persuasion, who by his "moral politics" welded together the disparate groups who came to make up the Liberal Party. Bradley himself admits that the subject of his book is really Gladstonianism, not Liberalism. This is fair critique, but more serious is the fact that Gladstone, although not a liberal in the sense that Mill, Green or Morley were, nevertheless is accorded the role of chief character and his ideas are alleged to be formative in Victorian Liberalism.

Generally, far too much weight is given to the ideas of a few obvious leaders within early Liberalism, like Bright, Cobden and Mill, and when the Nonconformist Conscience is explored, Bradley has no principal players on which to pin his ideas.

It is apparent that he knows relatively little about Hugh Price Hughes or John Clifford or Samuel Keeble and other prominent Nonconformist ministers who rallied support behind Gladstone and whose ideas became embedded in Victorian Liberalism.

Bradley's handling of the intellectual contribution to Liberalism is much more convincing. The literary participants bulk larger after the 1860s and one is thrust into the pages of Anthony Trollope, George Eliot, George Meredith, Thomas Hughes and others who swell the tide of optimism. But this theme is worrying in a movement dedicated to militant disestablishment and resentful snatching of privilege. Its militancy and even militarism are not satisfactorily exposed in this work. The great individualism of the age also provided the catalyst for capitalism and aggressive imperialism — "New Imperialism".

The class structure of Liberalism given in the chapter on the "Up-and-coming" is well presented, but relies heavily on the work of John Vincent, David Hamer and Peter Clarke. In fact, much of this book represents a synthesis of their work.

Liberalism, it is clear, was exclusively a middle class movement: in Parliament, Liberals were distinctly aristocratic in the Gladstonian style; only outside Parliament and particularly in the country did there exist a middle class predominance. According to Bradley, and others of course, the working class were never really wooed and if they were, were seldom won. Major support came from the North and the movement was essentially urban: Manchester and Birmingham played a singular role, and Liberal idolization of the industrial landscape and enthusiasm for everything new owed much to the urban roots of the movement.

The author pays much attention, and rightly so, to the influence of JS Mill in forging the links between the traditions of political economy and philosophical radicalism and he deftly traces the impact of the Free thinkers on the ideology of Liberalism. The fervent commitment to liberty seemed to light the way for most adherents to its creed. But optimism is dispelled momentarily yet again when the writer admits that for many people in the nineteenth century "liberalism" meant a sceptical approach to religion rather than a political doctrine and he argues further that "secularist religious views often went hand in hand with Liberalism in politics" — Liberalism became "a kind of substitute religion".

The tension between the undeniably secularist and free thinking element in Victorian Liberalism and the larger religious component embodied in the Nonconformist Conscience is brilliantly perceived. Common cause resulted, however, because disestablishment was the slogan of both factions and the Peace Society was the natural product of passivist secularism and moralistic Nonconformity alike.

The overriding themes in foreign policy were non-intervention and self-determination. Opposition to imperialism was the contribution of the essentially bourgeois Manchester School and the sentiments of British Liberals were nowhere better demonstrated than in Gladstone's colonial policy. Presumably this was part of the force of Gladstonianism — that it placed trust in the people. By this means, Bradley argues that

the working class "moved from Chartism to Liberalism". Here, he is not consistent with his previous class breakdown of nineteenth century Liberalism. There follows a discussion of increasing enfranchisement and democratization of Britain which he claims endorses the fact of Liberal "trust in the people", and which canvassed some working class support.

Chapter 7 provides a fascinating overview of the rise of the "labour aristocracy" of mid-Victorian Britain as this new element within Liberalism and the author suggests that although Liberals balked at the idea of Workers' control of industry, many envisaged a society where everyone would "become a capitalist and where there was no conflict between masters and men". It is significant, however, that this was nothing more than a vision, because by the 1870s Liberals began doubting their faith in Labour. The "Lib-Lab" alliance was also threatened by the rise of socialism, whose economic ideology challenged the principle of competitive individualism. With the flowering of this new force in British society it was not surprising that concepts of self-help and individual improvement weakened. Bradley avers that even Liberalism was undergoing changes with the intrusion of social issues into politics and the rising prominence of JA Hobson's "New Liberalism": it was a two-pronged attack; from within and from without. A new breed of Liberals espousing collectivism was beginning to spread its wings, led by people like Stead, Asquith, Hobson, etc. So it is that Bradley comes to his final chapter in which he analyses the reasons for the decline of optimism. The polarization of capitalism and socialism ripped the Liberal Party apart. This chapter is one of the most incisive in the book.

The story that Bradley tells is a stirring one, perhaps obsessed with Gladstone and presided over by John Stuart Mill, but it offers a remarkably cogent exposition of Victorian Liberalism in an eminently readable way.

GREG CUTHBERTSON
University of South Africa

ROBERT T ANDERSON, *Denmark: Success of a Developing Nation*, Schenkman Publishing Co., Cambridge (Mass.), 1975, x + 178 pp., map, illus., bibl., index, R16.55.

This is frankly not a historian's book, nor is it conspicuously successful as a sociological study. Dr Anderson has moved from the general analysis of culture change examined in his earlier works, *Traditional Europe* (1971) and *Modern Europe* (1972), to the dissection along these lines of a small segment of European society. It would be churlish to suggest that the book throws no new light on facets of Danish society in evolution, but viewed as social history, Anderson's study is sketchy indeed. From the sociological standpoint, the author sets out to confirm and expand his earlier findings. He certainly confirms them. Much of what he has to say about Denmark is equally applicable to other parts of Europe. With a few changes in nomenclature and the deletion of the often unnecessary translations into Danish of terms which are already perfectly clear in English, many of Anderson's pages might well be describing social evolution in England. His findings, moreover, are generally "old hat" and to state, as he does on p 151, that "modern Denmark constitutes the culmination (or near culmination) of changes begun in the period of development" is scarcely so profound an observation on any western society that it deserves to be repeated in the introductory summary. Moreover, Dr Anderson, despite his years of study in Denmark, writes very much as an outsider, and clearly not a European outsider. This is not necessarily a bad thing, but here, we feel, the author has seldom penetrated deeply enough into the undergrowth of European social history.

The text of this paperback is well written, although we have noted one or two typographical errors. Two small assumptions are open to question. Is the English "knight" (p. 28) of similar derivation to Danish "ridder" and Spanish "caballero"? And does not the comment that the Dutch and Danish churches "were twin offshoots of the Lutheran revolt" (p. 58) require some qualification?

M BOUCHER
University of South Africa

STEPHEN WHITE, *Britain and the Bolshevik revolution: a study in the politics of diplomacy, 1920-1924*, Macmillan, London, etc, 1979, xii + 317 pp, bibl, index, R29.20.

This well documented study in early Anglo-Soviet relations by Dr White of the University of Glasgow refutes the widely accepted view that British Conservatives after World War I were implacably hostile to the Soviet government in the interests of big business, while the Labour Party, with Liberal support, sought a closer alliance with Russian fellow-Socialists. The main parties in the House of Commons were in fact generally

agreed that the new Russia posed a threat to security. The great debate preceding recognition of Soviet power in 1924 was conducted therefore on no clear-cut party lines, but reflected differences of opinion within each political section on the best means of undermining the Soviet position. Of vital concern in the debate was the end of Britain's post-war boom in the last months of 1920 and the consequent rise in unemployment and decline in trade figures. Conservatives took a tougher line in 1922–1923 during the Bonar Law and Baldwin administrations, but the movement towards recognition of the Soviet government had been inaugurated in 1921, when Lloyd George's coalition administration successfully negotiated the Anglo-Soviet trade agreement. British business interests came to agree with the Labour statesman JR Clynes that it was "better to try and kill Bolshevism by feeding it rather than by fighting it" (p. 39). Ramsay MacDonald's Labour government of 1924 therefore had considerable support outside the party ranks for recognition of the Soviet regime.

Dr White has given us a book of great merit and his carefully reasoned argument carries conviction.

M BOUCHER

University of South Africa

P MANSEL, *Louis XVIII*, Blond and Briggs, London, 1981, x + 497 pp, maps, illus, bibl, index, R38,90.

Philip Mansel's biography of Louis XVIII of France is a work of outstanding quality, a balanced appraisal, based upon a wide variety of sources. It is a biography of a monarch who has not always received fair treatment from the historian. Mansel's portrait is a sympathetic one, but he is not blind to Louis's faults: his indecisiveness, his concern for his own well-being and above all his inexcusable behaviour towards his elder brother, Louis XVI, in the early revolutionary period. Louis XVIII's achievement as king between 1814 and 1824, however, was considerable and despite the trauma of the 100 Days at the beginning of his reign, he succeeded in his aim of uniting France by skilfully blending the royalist tradition with the revolutionary and Napoleonic inheritance. Louis XVIII was a realist and a moderate, in tune with the spirit of the age. He inspired a new respect for the monarchy and set the nation on the path of constitutional and parliamentary government. The Bourbon stock stood high in 1824; its rapid devaluation thereafter under Louis's younger brother and successor, Charles X, was a dynastic tragedy.

This excellent book is not, however, merely the story of a reign. It provides us with a picture of the *ancien régime* in decline and a view of the turbulent years which followed it from the vantage-point of the counter-revolutionary and anti-Napoleonic forces in exile. Louis's rôle in this period, and as titular king after 1795, is analysed in detail. The few flaws noted in the text are not obtrusive, but it is suggested that the royalist writer Charles Nodier (p. 298) is not quite so much a forgotten name as Feletz, Salvandy and other contemporary eulogists of the restoration monarchy.

M BOUCHER

University of South Africa

CARL A HANSON, *Economy and society in Baroque Portugal, 1668–1703*, Macmillan, London and Basingstoke, 1981, 354 pp, maps, illus, bibl, index, R42,60.

This excellent study by Dr Hanson, Visiting Scholar in History at the University of New Mexico, merits close attention and it is to be hoped that the high price of the volume will not deter prospective purchasers with an interest in the field.

The period chosen covers the major part of the regency and reign of Pedro II to the signing of the Methuen Treaty with England. It was, in the political sphere, a relatively quiescent period for Portugal, after the turbulence of the restoration of Portuguese independence from Spain in 1640 and its aftermath. These later years saw challenges to the established order by a mercantile class seeking increased power in the general desire to overcome widespread economic depression. With the resurgence of the Lusó-Atlantic economy in the last decade of the 17th century, the nation entered a new age of commercial prosperity, but the failure to stimulate domestic manufactures led to increasing dependence on England. After 1750, when the halcyon days inaugurated by the flourishing export trade from Brazil were over, the minister Pombal was to note the extent of Portugal's subservience to her northern ally: "The English ... have conquered (Portugal) without the inconveniences of a conquest" (p. 275). On the political front at home, the revitalized economy of the late 17th century enabled absolutism to triumph over forces endeavouring to liberalize the régime. The foundations of the social fabric had been shaken, but the resultant cracks in the baroque facade were effectively repaired.

Dr Hanson's study in depth is prefaced by a thoughtful analysis of the structure of Portuguese society in this period. In the politico-economic sphere he devotes particular attention to the efforts of the "New Christians" of Jewish ancestry to escape from their disabilities and to play an active part in restoring the economy of the state. In this connection, the abortive proposal of 1673 to finance a commercial East India Company is of special significance. Ericeira's rôle as the Portuguese Colbert is also given prominence and the reasons which prevented the implementation of his programme to stimulate basic manufactures on anything but a modest scale are discussed in detail.

Two valuable chapters on "Recession and recovery in the colonies" (pp. 207–259) are included. Despite efforts to restore the fallen fortunes of Portugal's crumbling eastern empire, trade with the Indies was, as Hanson indicates, "but a shadow of its former self and really only an adjunct to Portugal's far more important commerce with its Atlantic possessions" (p. 214). Commerce did, however, expand in eastern waters after 1690. Return ships usually called at Bahia in Brazil to be incorporated into the fleets sailing for the motherland, a circumstance which gave captains the opportunity of engaging in illicit commerce with Brazilian colonists. In Africa, Angola and Guinea provided slaves for commercial enterprises in South America. Neither free trade nor a settlement did much to stimulate the economy of Mozambique and the fall of Fort Jesus (Mombasa) to Arabs from Muscat in 1698 caused a further setback to the commercial exploitation of the region. Economic recovery was essentially associated with Brazil, where the economy was diversified with gold, tobacco and hides supplementing the older staple, sugar.

It was the products of Brazil, together with the wines of the homeland, which floated Portugal on a rising tide of prosperity at the end of the 17th century. However, as Hanson points out (p. 276), "instead of making way for expanding middle classes, a transformed agricultural base, and industrial growth, the old order found refuge in absolutism and dependency, relying on cash crops and mineral wealth for its sustenance". This well-documented study, with a wealth of statistical appendices, is highly recommended to all students of Portuguese history in the early modern period.

M BOUCHER

University of South Africa

SJ TERREBLANCHE, *Die wording van die Westerse ekonomie, 'n strukturele analise met 'n toepassing van die Suid-Afrikaanse situasie*, Academica, Pretoria en Kaapstad, 1980, 307 pp., prys onvermeld.

Prof Terreblanche, 'n ekonoom van die Stellenbosse universiteit, het ook buite die universiteit bekendheid verwerf met sy ekonomiese benadering tot politieke oplossings vir die Suid-Afrikaanse samelewing, soos o a blyk uit *Die doelwit van 'n hoë ekonomiese groeikoers* (1973), *Vernuwing en herskikking* (1973) en *Gemeenskapsarmoede* (1977).

Vir die "gewone" historikus wat in sosiaal-ekonomiese faktore geïnteresseer is, is *Die wording van die Westerse ekonomie* 'n besonder waardevolle boek. Die politieke historikus het te lank in afsondering in sy klein wêreldjie verkeer, sodat hy hom nie tot 'n breër begrip van die hedendaagse politiek kan laat geraak nie. Die huidige (en vorige) politiek is tot 'n groot mate sosiaal en ekonomies gekondisioneer, en wie die evolusie van die Suid-Afrikaanse samelewing wil verstaan, moet kennis van hierdie beslissende faktore dra.

As daar ooit 'n afgeskepte takdissipline van die geskiedenis in Suid-Afrika bestaan, dan is dit die ekonomiese geskiedenis. Die ou garde wat hulle daarmee bemoei het, bestaan nie meer nie, en die jonger ekonome is sodanig by die daaglikse praktyk betrokke dat die historiese aspek van die Suid-Afrikaanse ekonomie agterweë gebly het — tot nadeel van die "gewone", nie-ekonomiese historikus. Ons het 'n groot agterstand om op hierdie terrein in te haal. Ons argiefbewaarplekke is vol van onbenutte dokumentereekse oor bv fiskale beleid en die tesourie.

Om tot begrip van die eie ekonomiese geskiedenis te kom, is kennis van die wording van die Westerse ekonomie 'n noodsaaklikheid, want ons is deel van die Westerse wêreld, hoewel Afrika-aangepas, en het dieselfde soort ekonomiese en maatskaplike prosesse as hulle deurgemaak, na analogie waarvan die land homself beter kan verstaan.

Prof Terreblanche begin met 'n definisie van die ekonomie en ekonomiese stelsels, sit drie ekonomiese probleme uiteen, ontleed ekonomiese instellings, organisasies, die stabiliteits- en groei-probleem, doelstellings, en verduidelik dan die taak van die ekonomie in teenstelling met ekonomiese geskiedenis.

In die tweede hoofstuk het hy dit oor kolonialisme en imperialisme as leidende motief van 'n strukturele model, en die periodes in die wording van die Westerse ekonomie. Die derde hoofstuk is histories: hy behandel die vroeë Middeleeue, die sentraal-middeleeuse en die merkantilistiese wêreldorde. Dan volg die 19de eeuse wêreldorde soos die industriële imperialisme. 'n Sewende hoofstuk word gewy aan die kontemporêre Westerse orde, waarin o a verwys word na die ontplooiing van die Eerste en Derde

Wêreld, en die Pax Americana — 'n nuwe vorm van imperialisme. Dit loop uit op die vraag of die Weste onderweg is na 'n nuwe wêreldorde.

Dit slotgedeelte van die boek handel oor 'n perspektief op die wording van die Suid-Afrikaanse situasie (pp. 258—301), waarin die struktuurtydperke van die Suid-Afrikaanse geskiedenis belig word, asook koloniale en teen-koloniale strominge. Hieronder val o a vorme van kolonialisme en dekolonisasie in die "Afrikaner-tydperk", Westerse neo-imperialisme teenoor Suid-Afrika, die Verwoerd-formule van interne swart dekolonisasie en die aanslag van die Derde Wêreld en Sowjet-Rusland. Prof Terreblanche sien Suid-Afrika as 'n mikrokosmos van die Eerste en Derde Wêreld, behandel die moontlike ekonomiese implikasies van 'n nuwe politieke bedeling en twee knelpunte vanweë die mikrokosmos-situasie, waarna die vraag gestel word of ons onderweg is na 'n nuwe politieke bedeling en watter implikasies dit vir die makrokosmos kan hê.

Die historikus wat in sy eie tyd belangstel, sal veel van die problematiek van ons situasie in dié perspektief van die verlede verstaan. Die skrywer trek parallelle tussen die Westerse ervaring en wat tans in die RSA aan die gang is. Die spel van die toekoms lê tussen evolusionêre en revolusionêre verandering van die bestaande na 'n nuwe politieke ordening wat van die blankes 'n verandering van hart, d i denkwyse en waardestelsel verg, waarin kleurbesef en rassediskriminasie nie meer 'n rol speel nie.

Die boek beklemtoon weer eens die rol van die sosiaal-ekonomiese faktore in die politieke sfeer, en verduidelik die Suid-Afrikaanse situasie in die lig van die Oos-Wesstryd, waarin die Sowjet-Unie van die anti-kolonialisme van die Derde Wêreld gebruik maak om die Weste te verswak, nl om op 'n goedkoop wyse in besit van die RSA se minerale en strategiese posisie te kom.

FA VAN JAARSVELD
Universiteit van Pretoria

PETER WARWICK & SB SPIES (reds), *The South African War, The Anglo-Boer War 1899—1902*, Longman, London, 1980, 415 pp., prys onvermeld.

Die Anglo-Boereoorlog wat jarelank uit die historiese gesigsveld was, het in die afgelope dekade nuwe aandag gekry, miskien omdat dit die verval ingelui het van die Britse ryk. Vir bogenoemde boek waarvan die redaksie deur P Warwick in Brittanje waargeneem is, het prof SB Spies van die Universiteit van Suid-Afrika as adviseur gedien. Dit het 'n boek geword van sowel Britse as Suid-Afrikaanse historici. Dit blyk uit o a die bydraes van Fransjohan Pretorius oor die Boere-lewe op kommando, SB Spies oor die vrou in die oorlog en Albert Grundlingh se hoofstuk oor die Boere wat saam met die Britte gewerk het. Deur hierdie bydraes word lig gewerp op Suid-Afrikaanse aspekte van die oorlog wat andersins in die skadu sou gebly het. Al drie Suid-Afrikaanse historici is spesialiste in die betrokke veld.

Die benadering is anders as die gewone militêre geskiedenis van die Anglo-Boereoorlog insoverre temas as eenhede behandel word, soos bv. blyk uit P Richardson en JJ van Helten se hoofstuk oor die goud-industrie, en AN Porter s'n oor die Britse imperiale beleid teenoor Suid-Afrika van 1895 tot 1899. Die boek word in drie dele verdeel: die diplomatieke voorspel tot die oorlog, die oorlog self en die naweë daarvan. Die tweede deel handel o a oor die posisie van die swartes in die oorlog, die Britse samelewing en die oorlog, die pro-Boere in Brittanje, die Anglikaanse kerk in die oorlogsjare, die poësie oor die oorlog en die VSA se verhouding tot die oorlog. Die militêre aspekte word in een hoofstuk deur H Bailes behandel.

Die derde deel van die boek gaan oor die rekonstruksie ná die oorlog en die Britse imperiale beleid teenoor Suid-Afrika van 1906 tot 1910. I Hexham volg op met die slothoofstuk oor Afrikanernasionalisme van 1906 tot 1910. 'n Lys boeke lei die leser na verdere studie. Die boek is goed voorsien van kaarte en illustrasiemateriaal. Die nuwe benadering dek 'n wye spektrum van temas wat die oorlog uit verskeie hoeke belig, en die leser 'n breër perspektief as die gewone enger benadering gee. Dit is nie soos soveel ander uit 'n Britse standpunt geskryf nie, maar streef om reg aan albei kante te doen, wat ons insig verdiep. Noudat ons 80 jaar verwyder van die oorlog is, is ons beter in staat om dit uit 'n wêreldhistoriese perspektief te verstaan en die sin en betekenis, maar ook menslike lyding, te begryp.

FA VAN JAARSVELD
Universiteit van Pretoria

JOHN CANNON (red), *The Historian at Work*, George Allen & Unwin, Londen, 1980, 210 pp., prys R10,95.

Daar bestaan 'n gebrek aan historiografiese werke, wat die taak van die dosent in historiografie bemoeilik. 'n Werk wat in 1980 in slapband verskyn het, voldoen aan 'n behoefte aan kennis oor individuele geskiedskrywers. Prof John Cannon van die Universiteit van Newcastle-upon-Tyne het verskillende Britse historici

gevera om kollektief oor elf bekende historici te skrywe. Opstelle is opgeneem oor Gibbon, Ranke, Macaulay, De Tocqueville, Marx, Maitland, Bloch, Namier, Wheeler, Butterfield en Braudel. Dit sluit veertienwoordigende 18de, 19de en 20ste eeuse historici in, wat goed inpas by die kursusse wat aan ons universiteite op honneursvlak aangebied word.

Prof Cannon het die boek van 'n algemene inleiding voorsien oor die praktyk van die historikus, en na sommiges se uitsprake oor hul taak verwys. Basies kom dié taak neer op sy keuse van 'n probleem of tydperk en die keuse en insameling van bronne. Hy moet vereenvoudig, maar waak teen oorvereenvoudiging in sy voorstelling van die verlede: teenoor die sintetiese staan die analitiese historici (in die woorde van JH Hexter "splitters" en "lumpers"), maar die historikus behoort albei te wees. Hy moet 'n historiese oordeel uitspreek en tot evaluasie van getuienis en handeling en samehange oorgaan, waarin "common sense" 'n rol speel. Niemand kan geskiedenis aanbied "soos dit werklik was" nie (Ranke).

Getuienis is belangrik, maar so ook die historikus wat dit gebruik, hoewel hy nie 'n vrye hand het nie. "Objektiewe geskiedenis", d i 'n totaal onpartydige werk sonder persoonlike kleur of oordeel (soos deur 'n rekenaar voortgebring), is onmoontlik: daar is altyd die proses van keuse in die lig van die historikus se eie oordeel. In die sintese gaan dit om wat werklik plaasgevind het, maar ook om die historikus se analise van en kommentaar op wat gebeur het. Die historikus is nie 'n kroniekskrywer van gebeurtenisse nie, maar 'n vertolker daarvan, en sy sukses hang af van die ewewig wat hy tussen homself en sy tema bring.

Cannon betwis ook die uitspraak dat die geskiedskrywer nie "wise after the event", d i op sy hoede teen "hindsight" moet wees nie. Ook is dit verkeerd om die verlede net ter wille van homself of tot begrip van die hede te wil bestudeer. Die historikus behoort eerder beide te kombineer en 'n bifokale bril te dra, waarmee hy tegelyk na die verlede en hede kyk. Ons bestudeer die verlede ter wille van homself maar ook vanweë die vreugde wat die verstaan daarvan aan ons gee. 'n Mens kan nooit 'n te skerpe skeiding tussen verlede en hede trek nie; daar moet eerder besin word oor die voortdurende veranderende verhouding tot mekaar. Soos Bloch gesê het, die historikus wat die hede bewustelik uit sy bemoeiing met die verlede skakel, plaas homself in 'n nadelige posisie om die verlede te kan verstaan. Ons moet na die waarheid bly strewe, die waarheid oor die verlede terwille van homself, maar onthou dat dit altyd om óns insig en verstaan gaan.

Die behandeling van die individuele historici geskied bondig aan die hand van bronne. By elkeen vind ons vooraf 'n kort opsomming oor die basiese feite van hulle lewensloop. Die samehang met hulle tyd en hulle oorspronklikheid word beklemtoon. Die boek word met vrymoedigheid vir gebruik deur studente aanbeveel.

FA VAN JAARVELD
Universiteit van Pretoria

NORMAN F CANTOR, *Medieval History. The Life and Death of a Civilization*, Macmillan, London, 1969, 584 pp., R13,00.

Die skrywer is professor in Geskiedenis aan die State University of New York te Binghamton. Sy boeke wat op die denke, godsdiens en kultuur konsentreer, verskil dus van ander handboeke oor die Middeleeue wat die klem op politieke, ekonomiese en sosiale aspekte geplaas het, hoewel dié nie in Cantor se werk verwaarloos word nie. Hy het juis probeer om die twee benaderings te integreer met die bedoeling om 'n totaalbeeld van die Middeleeue van begin tot einde aan te bied. Die boek is dus 'n sintetiese werk.

Cantor begin met die vraag wat die nut van geskiedenis is en hy antwoord om "kennis van die mens" te verkry, d i selfkennis nl van sy aard, wat selfbewussyn van ons menslike bestaan beteken. Selfkennis van die mens beteken 'n kollektiewe herinnering van die mensheid oor sy verlede. Die mens se lewe is uit die verre verlede gekondisioneer, ook deur mites en vooroordeel. Ware kennis bevry ons daarvan en beskryf dinge "the way it was". Daarmee kan ons nie die toekoms voorspel nie, maar dit sal ons help om wyser in die toekoms op te tree, want ons leer om die mense van die verlede te verstaan.

Cantor gee dan 'n beknopte skets van die historiografie van die Middeleeue in die Weste wat die veranderende houdings tot hom belig, maar ook die veranderende beeld wat steeds nuwe fasette vertoon. Sy beswaar teen die Franse Annalesskool (veral Marc Bloch) is dat hul sosiologiese benadering tot die Middeleeue wat die klem op die groep laat val, die individu — die werklike menslike persoonlikheid — uit die geskiedenis ban en dus verwaarloos. Die sosiologie het geen belange by die individu nie en sien hom meganies as lid van 'n groep.

Daarna gaan die skrywer oor tot 'n indeling van die tydperke van die Middeleeuse geskiedenis wat van die tradisionele indeling verskil. Hy begin met 'n bespreking van die disintegrasie van die Middellandse Seebeskawing en die opkoms van die Christelike kerk tot aan die einde van die vierde eeu, wat hy beskou as die tydperk van die Latynse en Christelike grondslae van die Middeleeuse beskawing. Dan volg die opkoms van 'n nuwe, aparte Middeleeuse samelewing en regering in die tydperk 400—725, waarin ook gewys word

op die Germaanse grondslag en die aanslag van die Islam. Daarna volg die tydperk 725—900, waarin 'n sintese ontstaan van die Latynse, Christelike en Germaanse bronne — die "Eerste Europa" wat van die Bisantynse en Islamitiese beskawing verskil.

Tussen 900—1050 volg 'n tydperk van ewewig en vooruitgang waarin talle karakteristieke Middeleeuse instelling hulle vertrekpunt vind. Van 1050—1130 het die ewewig as gevolg van 'n gewetenskrisis uiteen gebreek — die Gregoriaanse hervormings, die keerpunt in die Middeleeuse geskiedenis. Tussen 1130—1200 het 'n nuwe generasie oorgeneem en 'n tydperk van uitbreiding in alle lewensaspekte volg, veral wat vroomheid, humanisme en wêreldlike mag betref. Tussen 1200 en 1270 volg 'n tydperk van nuwe ewewig en sintese tussen konflikerende neigings — die periode van organisasie eerder as kreatiwiteit. Die pogings om krisis en konflik te vermy, was onsuksesvol, en van 1270—1325 volg verwoestende en gewelddadige geskille wat na verval en mislukking lei. Die slothoofstuk behandel die tydperk 1325—1500 wat deur oorlog, pes, ekonomiese depressie, bittere godsdiensige en intellektuele geskille, maar ook deur die voorafskaduwing van die moderne wêreld gekenmerk word — Huizinga se "Herfstij der Middeleeuwen".

Cantor se bibliografie beslaan 13 bladsye. Die boek berus op wye belesenheid en getuig van 'n oorspronklike sintese, wat die resultaat van wye kennis en insig is. Dit is een van die gaafste inleidings tot die Middeleeue wat ek ken, en weens sy eenvoudige styl en duidelikheid is dit 'n baie bruikbare handboek vir studente in dié deel van die algemene geskiedenis.

FA VAN JAARVELD
Universiteit van Pretoria

CF FORSYTH & JE SCHILLER (reds), Human Rights: The Cape Town Conference, Juta, Kaapstad, 1979, 304 pp., prys R5,00.

Hierdie publikasie bevat die referate en bespreking van die eerste internasionale konferensie oor Menseregte in Suid-Afrika wat van 22 tot 26 Januarie 1979 in Kaapstad gehou is, en wat deur 350 afgevaardigdes uit 16 lande bygewoon is. Die redakteurs beskou dit as 'n dringende en kontensieuse probleem in Suid-Afrika wat aandag verdien, en wat by tye warm en emosionele besprekings uitgelok het.

Die konferensie is gehou op die inisiatief van prof. JD van der Vyver van die Universiteit van die Witwatersrand, wat die "Society of University Teachers of Law" oorgehaal het om sy steun daaraan te verleen. Dit het tot 'n onderdeel van die herdenking van die Universiteit van Kaapstad se 150 jarige bestaan geword. Die konferensie is deur liggame uit die private sektor van die ekonomie finansiële ondersteun asook uit die buiteland. Die redakteurs het dit nodig gevind om 'n paar passasies wat Suid-Afrika van mishandeling (torture), d.w.s. fisiese geweld en eensame opsluiting beskuldig, uit twee stukke weg te laat met die oog op die Wet op die Polisie, 27B. (Vgl. b. pp. 153—4 en 290). Die byeenkoms het wye rapportering in die plaaslike en oorsese pers geniet.

Die konferensie is deur regter MM Corbett van die SA Appèlhof ingelei, wat die doel daarvan uiteengesit en sy belangrikheid beklemtoon het. Dit het plaasgevind in 'n tyd waarin die RSA nog onder die druk van pres Carter se "Human Rights Policy" gestaan het. Regter Corbett het ons situasie omskryf, op die toekoms gewys en menseregte gedefinieer as 'die regte en vryhede van die individu, die vryheid van die mens.' Syns insiens is die vryheid van die individu in Suid-Afrika ernstig ingeperk. Sy oplossing is 'n nuwe nasionale konvensie waaraan al die mense van die land deelname moet hê, en dat 'n 'Bill of Rights' soos dié van die VSA opgestel en in die nuwe konstitusie ingebou moet word, wat dan deur 'n Hooggeregshof afdwinging moet word. Hy het gewaarsku dat die Afrikaners as groep geneig was "om sy eie pad te loop" sonder inagneming van die wysheid en advies van patriotiese Engelssprekende blankes, en aanbeveel dat "alle groepe van ons bevolking" by die oplossing van die dringende landsprobleme betrek moet word.

Die begrip menseregte, sy geskiedenis, inhoud en betekenis is deur prof. Van der Vyver behandel, terwyl prof. HW van der Merwe oor rasse-ongelykheid in Suid-Afrika gepraat het. Probleme soos die verhouding tussen die soewereiniteit van die staat en menseregte, die regte van loonarbeiders, staatsveiligheid, internasionale instrumente vir die beskerming van menseregte, persvryheid en menseregte in die VSA, Israel, Europa, en die Internasionale Rooikruis, het aan die orde gekom, wat lewendige besprekings uitgelok het. Prof. John Dugard het die kwessie van menseregte in Suid-Afrika met 'n terugblik en vooruitsig afgesluit. Vir diégene wat in hierdie probleem belangstel, kan die publikasie van nut wees.

FA VAN JAARVELD
Universiteit van Pretoria

MARIANNE CORNEVIN, *Apartheid, power and historical falsification*, Unesco, Parys, 1980, prys onvermeld.

Die boek wat in verskeie tale verskyn het, vorm 'n onderdeel van die program van studies wat onderneem is deur die "Educational, Scientific and Cultural Organization" vir die VV se Internasionale Jaar teen Apartheid soos op 21 Maart 1978 deur dié wêreldliggaam uitgeroep. In die voorwoord verklaar Unesco dat die "rassistiese aard" van die politieke praktyk van die Suid-Afrikaanse regering op die terrein van opvoeding, wetenskap, kultuur en inligting in Unesco-studies oor die RSA ondersoek is, soos by *Suicide or Survival?* en *Biology and Ethics*. Hierdie studie oor Apartheid se "historiese vervalsing" is deur Marianne Cornevin uitgevoer.

Sy is die vrou van prof. Robert Cornevin, direkteur van "Le Centre d'Etude et de Documentation sur l'Afrique et l'outre-mer", wat saam met haar in 1975 'n besoek aan die RSA gebring het. Ek herinner my, toe hy die portrette van Paul Kruger en MT Steyn agter my in my kantoor sien hang, het prof Cornevin gevra: "Leef die gees wat in daardie twee manne was nog in die huidige Afrikaners?" My antwoord was: "Ja", waarop hy laat volg het: "Dan het ek hoop vir julle toekoms." Ek het prof Cornevin in 1980 in sy Dokumentasiesentrum in Parys besoek, en hy en Marianne het groot gasvryheid aan my betoon en met die redakteur van 'n Franse Protestantse koerant Reforme in aanraking gebring, wat smag na nuus oor Protestante in Suid-Afrika. Robert Cornevin en Marianne het 'n aantal volumes oor die geskiedenis van moderne Afrika geskrywe wat ook in Duits vertaal is. Sy het o.a. 'n sosiologiese studie oor Suid-Afrika gelewer, *L'Afrique du Sud en Sursis* (1977).

Hierdie gegewens word verstrekk om te verduidelik dat Marianne Cornevin nie onsimpatiek teenoor die Blankes hier staan nie, maar vra dat reg ook aan die Swartmense gedoen word. Ons moet onthou dat daar in Frankryk met die oë van Vry-Afrika na die RSA gekyk word. Dit geld ook die VV, tot wie se nut die boek geskryf is. Unesco hoop om met dié publikasie die literatuur oor apartheid aan te vul, wat tot inligting vir die wêreld kan dien. In die voorwoord van Unesco word die ou beskuldiging herhaal van 'n groot onreg die Swartmense aangedaan, nl dat 72 persent van die bevolking op 13 persent van die grond "gevestig" moet word, asof alle Swart Suid-Afrikaners uit die Blanke platteland en stede daarheen uitgeskuif sal word, wat natuurlik 'n mite is. Die voorwoord in die boek maak hom skuldig aan wat hy by die Blankes in Suid-Afrika wil bestry, nl om self historiese mites te skep. In die voorwoord word dit 'n mite genoem dat die eerste Hollandse koloniste na 'n "onbewoonde land" sou gekom het, waarin die Swartmense as "latere immigrante" sou ingetrek het, daarná egter gewysig tot 'n "gelyktydige" koms. Dié "mite" wat in Suid-Afrika lankal nie meer 'n mite is nie, word deur mev Cornevin herhaal. Sy maak gebruik van die uitkoms van die jongste argeologiese vondste en antropologiese getuienis om "te bewys" dat die Swartmense lank voor die Blankes hier was, en dat die Suid-Afrikaanse geskiedenis deur sowel Blankes as Swartes gemaak is, wat ook nie vir ons nuus is nie. Interessant is egter die munt wat uit argeologiese vondste geslaan en in die stryd teen die Blankes van Suid-Afrika misbruik word.

Die boek begin met 'n definisie van apartheid en ondersoek dan sy ideologiese basis. Ook word ingegaan op hoe die Afrikaner die geskiedenis van Suid-Afrika sien, vir welke doel sy my boek, *The Afrikaner's Interpretation of South African History* benut het. Een ding is seker: Marianne Cornevin weet heelwat van die geskiedenis van Suid-Afrika en is objektief en glashelder in die aanbieding van haar gegewens. Laat ons kyk na die tien "mites" wat sy beweer in die Afrikaners se "amptelike" geskiedbeskouing as steun vir apartheid bestaan.

Mite nr 1 is, soos genoem, dat die Blankes en Swartes in dieselfde tyd na Suid-Afrika gekom het; mite 2, dat die Swartes immigrante was totdat hulle die Blankes ontmoet het; mite 3, dat Tsjaka, Dingane en Mzilikazi niks meer as bloeddorstige despote was nie; mite 4, dat die Voortrekkers 'n onbewoonde land binnebeweeg het, wat aan niemand behoort het nie; mite 5, dat slegs die koms van die Blankes die Swartes in Transvaal en Vrystaat van ondergang gered het; mite 6, dat die oorspronklike politieke idees van die Swartes altyd deur die Blankes geïnspireer is; mite 7, dat die Voortrekkers nie kolonialiste (d.i. Setlaars) was nie, maar slagoffers van die Britse imperialisme; mite 8, dat die hoofdoel van die 1913- en 1936-Landwet was om die Swartes teen die Blankes te beskerm; en mites 9 en 10, dat die tuislande ooreenstem met die gebiede wat histories deur elkeen van die Swart volke beset was, en dat hulle fragmentasie die gevolg was van stamoorloë en opvolgingsgeskille.

Dat daar mites in ons geskiedbeskouing bestaan, is waar, maar daar bestaan ook mites in die Franse geskiedbeskouing, en sekerlik ook in Swart geskiedenis; wat alles as "mites" genoem word, kan in die lig van ons huidige navorsing en kennis nie meer "mites" genoem word nie. Marianne Cornevin stel haar egter ten doel om ná elke mite met 'n "refutation of the myth" vorendag te kom. Die "mites" word o.a. uit 'n reeks moderne skoolgeskiedenisboeke van st 6 tot 10, wat in Kaapstad gepubliseer is, gehaal, (asof dit amptelik is!) asook uit 'n paar amptelike stukke van die Ou Departement van Inligting, en nie uit moderne wetenskaplike geskiednisse van Suid-Afrika of monografieë nie. Dit is makliker om 'n stryd teen 'n skoolboekskrywer te voer as teen genoemde tipes werk. Die boeke wat gebruik word om die "mites" te weerlê, kom meestal van

historici van die liberale skool asook gevlugtes wat buite Suid-Afrika verkeer, maar ook van volkekundiges oor die volkstamme van Suid-Afrika. Groot waarde word geheg aan Steve Biko, "die vader van Swart Bewussyn", se verwerping van die Blankes se siening van Swart geskiedenis. Die dood van Biko het trouens self tot legende geword en baie skade in die buiteland aangerig.

Die boek sluit af met 'n prognose vir die toekoms: "Since Soweto the wind of history has changed. The whites are no longer the absolute masters of South African history. Even if the government's power still seems assured for many years, the blacks have now lifted up their heads. They have shed the feeling of inferiority which was their weakness. International pressure can only accelerate their inevitable emancipation". Dit weerspieël die standpunt van die OAE, die VVO en die Sosialistiese lande, maar ook dié van die Weste.

Die boek is in die eerste plek bedoel om die Swart Suid-Afrikaners te probeer bewus maak van die "historiese waarheid" oor hulle verlede en dus by te dra tot hulle "emansipasie". Dié voorstelling is nie vreemd aan wat reeds in die buiteland oor Suid-Afrika gepubliseer is nie, nl. die ommekeer van die ou Blanke geskiedsbeeld. Dit geld die verwerping van die oopstelling van die Donker Kontinent vir Christendom en Beskawing waarin die Blankes 'n helderol gehad het, en die aanbieding van 'n beeld waarvolgens hulle as verowers en indringers gekom het om die land van die Swartmense te vat en hulle tot "helde" te omvorm, — 'n "onreg" wat in die tyd van die Kolonialisme gepleeg sou gewees het, en wat nou "reggestel" moet word. Dit kon geskied deur die land aan die "inheemse" mense "terug te gee" en daarmee saam ook die landsbestuur — "Africa for the Africans". So eenvoudig is sake egter nie.

Marianne Cornevin se probleem is dat sy eerder "wetenskaplike" mites konstrueer wat sy dan soos 'n Don Quixot met 'n gevelde bajonet stormloop. Daardeur het sy nóg die saak van Swart Suid-Afrikaners nóg van die historiese wetenskap gedien. Sy het haar eerder laat verlei om die VVO se propagandaveldtog teen die Blankes van Suid-Afrika te bevorder.

FA VAN JAARSVELD
Universiteit van Pretoria

ROBERT W MALCOLMSON, *Popular recreations in English society 1700—1850*, Cambridge University Press, Cambridge 1979, 188 pp., prys R9,55.

Wanneer 'n mens katalogusse uit Brittanje en Wes-Europa ter hand neem, word jy getref deur die groot aantal boeke wat huidiglik oor sosiale geskiedenis handel. Dit weerspieël die nuwe neiging in die Westerse geskiedskrywing wat van politieke temas na sosiaal-ekonomiese temas beweeg het.

Die boek van prof RW Malcolmson van die Queens University, Kingston, Ontario, is 'n tipiese voorbeeld van die nuwe tendensie, nl die belangstelling van die gewone mens in die lewensbedrywighede van die klein mensies van die verlede, dus ook hulle vorme van vermaak. Naas sy daaglikse arbeid het hy ook oor naweke ontspan. Dit is deel van die lewe van die mens.

Prof Malcolmson het ná diepgaande navorsing uit alle moontlike bronne, ook die literêre, tot 'n sintese gekom van die soorte sport-beoefening, tydverdrieffsaktiwiteite en feestelikhede van die Engelse werkerklas in die 18de en hulle geleidelike verval tot die helfde van die 19de eeu. Dit sluit o.a. in, bul-trotsering, hane-gevegte, voetbal, stoei en krieket en feestelikhede soos gemeente-feeste, Michaelmas-verkope, Meidag-rituele en Whitsun-bierdrinkery. Hy verduidelik hoe wydverspreide sosiale en kulturele veranderinge in die laat 18de en vroeg 19de eeu, baie van hierdie tipe vermaak laat verval het, soos bv. die omheining van plase, die groei van stede, die opkoms van die evangelie-beweging, arbeidsdissipline en die verval van paternalistiese waardes. Ander soorte vermaak is eenvoudig deur die "respectable society" onderdrukt.

Die boek is geïllustreer met tydgenootlike tekeninge en skilderye van die gewone mens in sy ontspanning, en skep 'n beeld van 'n vergete stuk lewe van die verlede. Deur sy nougesette navorsing in ongewone bronne, stel die skrywer 'n voorbeeld van hoe geskiedenis sosiaal benader kan word. Van hierdie tipe geskiedenis het ons nog weinig in Suid-Afrika gesien. Daar lê 'n groot veld vir ondersoek braak, veral in die 19de eeu. Miskien is die verwaarlosing van hierdie lewensaspek die gevolg van ons politieke instelling, wat om die toekoms konsentreer, terwyl ons die alledaagse lewe van die mens van die verlede as onbelangrik geag, en misgekyk het. Ons weet bv. weinig van ons Republikeinse Boerelewe. Dit geld die voor-industriële fase, want verstedeliking in die 20ste eeu het ook die vorme van ontspanning, vermaak en buitelewe hier verander.

FA VAN JAARSVELD
Universiteit van Pretoria

WILLIAM DRAY, *Perspectives on History*, Routledge & Kegan Paul, Londen, 1980, 142 pp., prys R12,00.

Prof. Dray het bekendheid met sy boeke oor die analitiese geskiedenisfilosofie verwerf. Sy vorige boeke was o.a. *Laws and Explanation in History* (1957) en *Philosophy of History* (1964). Tans is hy professor in die filosofie aan die Universiteit van Ottawa. Hy het sy kontak met praktiserende geskiedskrywers voortgesit deur o.a. Charles Beard en AJP Taylor te ontleed. Dit geskied deur referate wat hy in bogenoemde boek bundel.

Dray is by uitstek 'n kenner van die Britse en Amerikaanse kritiese geskiedenisfilosofie, d.w.s. van probleme wat handel oor die aard van die historiese verstaan, die objektiwiteitsprobleem en die verhouding van individuele historiese agente en sosiale groepe in die begrip van geskiedenis.

In die eerste deel van die boek gaan Dray in op Collingwood se verstaan van handeling in die geskiedenis en op Beard se soektog na die verlede "soos dit werklik was", waaraan die probleem van objektiwiteit en relatiewe verbind word. JWN Watkins word ontleed wat betref die aard van die historiese individu.

In die tweede deel gaan Dray in op AJP Taylor se *Origins of the Second World War* waarvoor HR Trevor-Roper van hom verskil het. Hier probeer hy 'n filosofiese teorie wat veroorsaking betref op grond van die historiese praktyk ontwikkel. Teen die verwerping van die filosoof se teoretisering oor wat werklik gebeur as die historikus die verlede ondersoek, verweer Dray hom deur te verklaar dat die taak van die geskiedenisfilosoof nie net is om die werkwyse van historiese ondersoek te beskryf nie, maar om die strukture te belig wat historiese denke karakteriseer en teorieë daarvoor uit te werk. Dray wil bewys lewer van hoe die gevolgtrekkings en ondersteunende beredenering van historici wettig verstaan kan word.

In die derde deel werp Dray lig op die spekulatiewe filosofie van die geskiedenis, wat die historiese proses as geheel sinvol uitlê. As voorbeeld kies hy Oswald Spengler se *Der Untergang des Abendlandes* wat in die Engelse vertaling byna 'n 1 000 bladsye beslaan, en wat deur Dray 'n 'monumental' en 'n "dazzling account of history as a whole" genoem word. Wat hy daarmee beoog, is 'n kritiese filosofie van 'n bespieëlende geskiedenisfilosofie. Hy verwys telkens na Toynbee, die enigste Engelse spekulatiewe geskiedenisfilosoof met hoë status, en tref dan teenstellings en vergelykings wat verhelderend werk. Ons leer Spengler ken in sy tyd en omstandighede, wat hom na sy grootste vergelykende morfologiese benadering tot die universele geskiedenis gelei het.

Die boek is nie sonder waarde vir die praktiserende historikus nie, want hy kan iets oor sy eie doen en late van die kenteoretiese filosofie leer. Dit sal ook van nut wees by die studie van metode, teorie, historiografie en die universeel-historiese benadering by honneursopleiding.

FA VAN JAARSVELD
Universiteit van Pretoria

C JANSEN & S SIMSON, *50 Cape Dutch Houses*, Don Nelson, Kaapstad, 1981, 96 pp., ill., R19,95

Die Kaaps-Hollandse boustyl het ontstaan teen 'n agtergrond vol gevare, aanvalle van Boesmans en wilde diere, onbekende lewensomstandighede en vereistes, siektes en wat nie al nie. Daar was veral ook eensaamheid in die uitgestrekte land waar die opstalle, selfs in die Boland, deurgaans ver uitmekaar gelê het. Geen wonder nie dat hierdie argitektuur, wat 'n veraf weerspieëling toon van opeenvolgende Europese kunstyle, tegelykertyd 'n sterk invloed ondergaan het van plaaslike volkskuns. Tereg wys Sally Simson daarop dat hierdie argitektuur, met al sy invloed van elders, tog tipiese plaaslike eienskappe vertoon wat die ontwikkeling van die mense se eie volkskarakter uitbeeld. Die Kaapse huise beïndruk met hul eenvoud en huislikheid. Hulle is nooit regtig praalsugtig of verwaand en hooghartig nie, en daar is verskynsels wat aangenamer aanvoel as die boukuns in die land van herkoms. Tog is 'n sekere gestrengheid onmiskenbaar: die geboue is vriendelik maar bly op 'n afstand. Die boë in die gewels is minder hard as wat in Holland aangetref word; ook die grasdakke is sakter as rooi of donkerblou teels, of die later sinkplaat. Maar bo alles is die agtergrond wyer, met sy grootse berge, oop ruimtes en die nog grotendeels onbekende binneland wat vir twee eeue 'n uitdaging gebly het en eers in die 19de eeu daadwerklik deurgrond is. Geskiedenis speel 'n rol: geslag na geslag bewoon die plekke, het hulle lief en voel daar tuis. Was WA van der Stel die eerste kapitalis in die land in 'n periode toe daar vir hierdie spesie nog geen plek was nie?

Chris Jansen bekijk met kennis, belangstelling en plesier die opstalle wat ver in die Boland versprei is. Hy ken die verskynsel van skaduwees op die witgrys mure en gewels. Sy foto's gee blyke van 'n sterk ontwikkelde gevoel vir sfeer en 'n fyn besnaarde benadering van hierdie unieke skoonheid. Jansen bekijk die huis van 'n afstand af, kom dan naderby en ondersoek dit vanuit verskillende hoeke. Hoe heeltemal anders lyk dit dan, as die huis meer prominent word en die omgewing 'n ondergeskikte rol speel. Ten slotte vestig hy ons aandag op 'n menigte kleiner onderdele. Hy is veral geboei deur sleutels en slotte. Dis hulle wat toegang gee tot die huis en hulle het hul eie romantiek.

Jansen beskou die huise teen 'n blou lug, in somer en winter en op verskillende tye van die dag. Met hoeveel geduld het hy nie in baie gevalle gewag om net die juiste lig en kleur te kry nie! Dikwels sien ons die gebou deur 'n aantal takke: 'n sterker konsentrasie op die huis self.

Die boek is 'n mooi bydrae tot ons literatuur oor die Kaaps-Hollandse boukuns. Dit benadruk weer die belangrikheid van hierdie boukuns vir ons land, ook in die moderne tyd. 'n Aangename boek, vol kleur, skoonheid en wysheid.

FGE NILANT
Universiteit van Pretoria

P DANE & SA WALLACE, *The Great Houses of Constantia*, Don Nelson, Johannesburg, 1981, 176 pp., illus., R24,95.

Hierdie werk deur Philippa Dane en Sydney-Anne Wallace konsentreer op die ou opstalle in die Constantia-vallei, dus 'n klein en afgebakende terrein. Eintlik omvat dit net sestien huise: Steenberg (Swaaneweide), Groot Constantia, Hoop van Constantia, Bergvliet, Alphen, Nova Constantia, Buitenverwachting, Tokai, Klein Constantia, High Constantia, Witteboomen, Silverhurst, Bel Ombre (Goedgelooft), Rust en Vrede en Claassenbosch.

By 'n bespreking van elke huis begin die skrywers met 'n geskiedkundige oorsig, gevolg deur 'n beskrywing van die opstal soos dit vandag daar uitsien. Vanselfsprekend is daar met verloop van tyd heelwat veranderinge aangebring en dit veroorsaak probleme, omdat by noodsaaklike restourasie nie alles wat later toegevoeg is sonder meer verwyder kan word nie. Met so 'n beleid sou Groot Constantia byvoorbeeld geen gewel hê nie. Ook kleiner besonderhede is by restourasie baie belangrik: slotte, hengsels, deurknoppe, ensovoorts.

Vanselfsprekend het die skrywers nie net die huise beskryf nie, maar ons maak ook kennis met die families wat daar gewoon het — hulle strewes, ideale en probleme. Hier het van die oudste Kaapse families gewoon: die Cloetes, Eksteens, Colyns, Lategans, Brinks, Hiddingsh, Hertzogs en vele ander. Deurgaans was hulle hardwerkende mense, gevul met ondernemingsgees, belangstelling, trots, aanvoeling en liefde vir hul woonplek. Daar was veral 'n strewes om die huise en plase binne die familie te bewaar en vir die nageslag te behou.

Die skrywers werp ook lig op die daaglikse lewe in vervloë dae — die elegantie, verfyndheid, vooruitstrewendheid. Tog het die inwoners ook talle probleme ondervind. Inflasie, byvoorbeeld, was reeds 'n bekende verskynsel. 'n Oorbelegging in slawe, om die waardevermindering van geld te bestry, het uiteindelik met die afskaffing van slawerny 'n groter ekonomiese terugslag geword as wat anders die geval sou gewees het. Inderdaad is 'n aantal families finansiële hierdeur geruïneer.

Die wingerdsiekte, *phylloxera* het ook groot omwenteling meegebring. In die twintigste eeu, veral, het die ou plase al hoe meer hulle verbondenheid met die wynbedryf verbreek en in die besit van die verteenwoordigers van groot industriële oorgegaan.

'n Aantal herehuise is nou in staatsbesit en word onderskeidelik as 'n museum, 'n toeristeplek, 'n skool en proefstasie gebruik. Die behoud van die pragtige geboue vereis bowe alles dat hulle nie fossiele word nie, maar lewendige deel van die samelewing bly.

Die werk het 'n boeiende skryfstyl en die illustrasies sluit uitstekend hierby aan. Die tekeninge verraa 'n besondere skerp oog, maar dit is veral die pragtige kleurfoto's wat die aandag trek en baie tot die stemming van hierdie boek bydra sonder om in sentimentaliteit te verval.

Die interessante en komplekse samelewing, die Kaapse geboue en omgewing, is in hierdie boek simpatiek en spannend beskryf en geïllustreer. Dit is voorwaar 'n pragwerk wat skrywers en uitgewers tot eer strek.

FGE NILANT
Universiteit van Pretoria

J KENCH, D GOLDBLATT, M COURTNEY CLARKE, *Cape Dutch Homesteads*, C Struik, Kaapstad 1981, 144 pp., illus., R29,95.

Die boekhandelaar wat my hierdie boek vir die eerste keer gewys het, wou dit sommer afmaak as maar net nog 'n boek vol afbeeldings van 'n aantal historiese huise in die Kaap. Sekerlik, dit is 'n populêre werk oor 'n onderwerp waaroor daar reeds baie deeglike studies geskryf is. Drie amateurs het hulle as gevolg van 'n aantreklike foto op die onderwerp van die ou huise toegelê en het entoesiasies geword. Hulle het begin nalees en

hulle grondig in die onderwerp verdiep. Maar, hoewel hulle steeds meer geboei geraak het deur hierdie pragtige argitektuur, met sy dikwels romantiese geskiedenis, het hulle hul aanvanklike nugtere sienswyse behou. Daar is terdêë beseft dat hierdie huise, produkte van vroeër tye, hulle eie karakter besit, maar desondanks tog by die moderne lewenswyse moet aanpas. Gebeur dit nie, sal hierdie huise moet leegstaan, stadigaan verwaarloos en ten slotte onvermydelik verdwyn. Dit skep dan die probleem van hoe 'n gerieflike moderne lewe gelei kan word in hierdie ou historiese huise, sonder dat aan hulle oorspronklikheid afbreuk gedoen word.

Oënskylik het die skrywer en die samestellers van hierdie boek oor 'n ruime keuse beskik. Maar hulle het nie gesoek na wat die kenners gewoonlik die meeste waardeer het nie: geskiedenis, goeie toestand van die huis en soms kosbaarheid. Hulle doelstelling was eerder om vóór alles die merkwaardige eie karakter van die opstalle toe te lig: eenheid in stoepe, deure, vertrekke, maar ook van meubels en omgewing. Hulle moes kies uit omtrent honderd huise, en die uiteindelige keuse het ten slotte op tien geboue geval.

Hierdie verfrissende benadering is nie net tot die pragtige en stemmingsvolle kleurfoto's in die boek beperk nie. Ook die teks sluit ten volle hierby aan. Die amper onvermydelike historiese oorsig vanaf 1652 in hierdie soort boeke, ontbreek ook hier nie. Dit is egter met 'n oop kyk op gebeurtenisse en in humoristies-romantiese trant geskryf. Hoewel daar nouliks nuwe feite aan die lig kom is dit tog die fris benadering wat hierdie boek in alle opsigte so leesbaar maak.

Die wonings groei van aanvanklike hutte na die Kaaps-Hollandse huise wat ons vandag nog ken: lank en saggelyk, klassisties en met 'n aansienlike invloed van Thibault en Anreith. Ná Napoleon kom die Britte. Hulle veranderings en aanpassing van die geboue was, in ons oë altdans, dikwels smaakloos en veelal onverantwoord. Maar die lelike sinkplaat het tog maar menige huis teen vernietiging deur brand gevrywaar. Nuwe belangstelling volg aan die einde van die vorige eeu: die tyd van Alice Trotter, Dorothy Fairbridge, Cecil Rhodes, lady Phillips, Herbert Baker en later GE Pearse.

Al tien huise wat in die boek bespreek word, is normaal bewoon. Tydens die besoek deur die samestellers van die boek het die eienaars van die huise ongetwyfeld baie gepraat en toegelig. Maar ons voel hoe die besoekers intussen hulle oë laat rondwaal het en hoe hulle inmiddels hulle eie mening gevorm het. Dit is ook hierdie persoonlike benadering wat die boek so aantreklik maak.

Die beskrywings van die verskillende huise, waarby opmerklik veel aandag gegee word aan die inrig daarvan, het sowel 'n kunssinnige as 'n menslike aanvoeling. Die geskiedenis van elke huis word oorsigtelik meegedeel. Tog spreek daar 'n stilte vanuit die kleurfoto's: met uitsondering van die portrette aan die mure tref ons nêrens mense aan nie. Desondanks is hulle aanwesigheid wel deeglik voelbaar: hierdie huise word bewoon en is geen koue afwysende museums nie.

Dit is nie net 'n mooi en stemmige boek nie. Dit is ook vol menslike aanvoeling vir 'n baie belangrike aspek van ons sosiale en argitektoniese geskiedenis. In alle opsigte 'n aanbevelenswaardige boek.

FGE NILANT
Universiteit van Pretoria

MARYNA FRASER, *The Story of Two Cape Farms*, Barlow Rand, Johannesburg, 1981, x + 58 pp.
R13,50.

In vergelyking met party ander omvangryke publikasies oor die Kaaps-Hollandse boustyl, maak hierdie boekie met die eerste oogopslag moontlik 'n meer beskeie indruk. 'n Mens kom egter gou agter dat dit allermens minderwaardig is en dat dit in geen opsig by ander boeke agter staan nie. Dit gaan hier ook nie in die eerste plek om die geboue nie, maar meer spesifiek oor twee besondere plase: Vergelegen en Schoongezicht.

Die skryfster het bewonderenswaardig grondige navorsing verrig. Die geskiedenis van die twee plekke is van die vroegste begin af nagegaan. Uiteindelik het die bedrywigheid van die Barlow-familie nie tot die twee plase beperk gebly nie, maar het hulle daarin geslaag om die hele omgewing in sy huidige staat vir die toekoms te beveilig.

In Julie 1941 koop Punch Barlow Vergelegen, terwyl Peter Barlow drie maande later die besitter word van Rustenberg. In 1945 koop hy ook Schoongezicht, wat vroeër 'n oorspronklike deel van Rustenberg uitgemaak het. Met hierdie aantreklike boek het ons 'n oorsig van daardie plase sowel as van die Idas-Vallei-omgewing.

Die hele onderneming deur die Barlow-familie is 'n duidelike voorbeeld van 'n grootse benadering van sowel bou- as restaurasieprobleme. Dit is totaal onvoldoende om sommer alles net weg te breek wat met tertyd aan 'n oorspronklike opstal toegevoeg is. Ook is dit onbevredigend om die plekke sommer te restou-

reer; hulle moet ook bewoonbaar wees vir mense wat gewoon is aan moderne lewensomstandighede. So kan daar gevolglik geen beswaar wees teen die inbou van byvoorbeeld 'n badkamer of 'n biblioteek in 'n ruimte wat vroeër 'n stoorplek was nie.

Restourasiemetodes en die algemene beleid teenoor historiese huise het vandag aansienlik verbeter in vergelyking met vorige eeue. Vergelegen is hiervan 'n uitstaande voorbeeld. Die ou huis van WA van der Stel het uiteindelik in April 1899 in die besit gekom van sir James Sivewright. Hierdeur het die plek, wat vir twee eeue in die besit was van boere van Hollandse afkoms, vir die eerste keer onder die beheer gekom van kapitaal wat opgebou is met behulp van die mynindustrie. Twee jaar later word Samuel Kerr die besitter. Sy modernisering van die huis was baie ondeurdag en selfs roekeloos — selfs deure is verwyder.

In 1917 kom die huis in die besit van sir Lionel en lady Phillips. Die egpaar het 'n beter besef gehad van wat werklik vir die plek nodig was. Die koste was egter baie hoog. Aanvanklik is die som van £20 000 beskikbaar gestel om die huis terug te bring tot wat dit was voordat Samuel Kerr sy planne uitgevoer het. Die bedrag het naderhand verdubbel — en dit vir daardie tyd! Onder leiding van argitek CP Walgate, wat die taak van restourasie op hom geneem het, is wel vleuels aan die huis toegevoeg. Tegelykertyd is ook die landerye weer op peil gebring, maar die bedryf in sy geheel kon nooit 'n wins lewer nie. Ná die dood van lady Phillips het die plek oorgegaan in die besit van CS Barlow. Daar is nou baie geëksperimenteer en ten slotte is dit omgebou tot 'n welvarende en winsgewende vrugte- en groenteplaas, waar volgens die modernste metodes geboer word.

Daar is m.i. 'n ernstige tekort aan diepgaande monografieë soos hierdie studie deur Maryna Fraser van een of twee afsonderlike huise geneem teen die agtergrond van wat hulle in stand moet hou: boerdery of industrie. Vanuit hierdie gesigspunt kan en behoort daar nog baie gedoen te word. En hierdie studie staan uit as 'n voorbeeld van hoe sulke werk aangepak behoort te word.

Daar is 'n aantal goeie afbeeldings en 'n uitvoerige bibliografie. Hierdie boek is 'n moet in die boekrak van enigiemand wat kennis dra van of belangstelling het in die pragtige Kaaps-Hollandse boustyl.

FGE NILANT
Universiteit van Pretoria

LOUWRENS HACQUEBORD, BAS KIST en RENÉ DE BOK, *Spitsbergen 79° NB, Nederlandse expeditie in het spoor van Willem Barentsz*, Elsevier, Amsterdam en Brussel, 1981, ill.

In die 17de en 18de eeuw waren de Nederlanders met hun walvisvangst en ruilhandel met IJslanders en Groenlanders de bedrijvigste Europese natie in Arctica, het Noordpoolgebied. De eerste drie reizen daarheen zijn, zoals bekend, in 1594—97 ondernomen door Willem Barentsz; vandaar de vermelding van zijn naam in de bovengenoemde boektitel. Na de beëindiging van walvis- en robbevangst en ruilhandel in Arctica hebben de Nederlanders hun belangstelling voor dat weinig gastvrije gebied grotendeels verloren. De laatste Poolreizen werden volbracht door de zeilschoener 'Willem Barents' in 1878 en '79 en gefinancierd met particuliere schenkingen, niet door de overheid. Een Nederlandse kolenmijnmaatschappij op Spitsbergen deed haar mijn in 1931 wegens de depressie van de hand. De literatuur welke voor 1979 door Nederlanders over Arctica is gepubliceerd, berust bijna geheel op archiefdocumenten, niet op onderzoek ter plaatse; een uitzondering is het werk van G Nooter, *Old kayaks in the Netherlands*, Rijksmuseum voor volkenkunde, Leiden 1971.

Het Arctisch Centrum van de Rijksuniversiteit te Groningen heeft de wetenschappelijke belangstelling voor het Noordpoolgebied weer opgewekt en onderzoek op Spitsbergen geïnspireerd. In 1978 heeft de heer Bas Kist van het Rijksmuseum te Amsterdam vier weken moederziel alleen op de plaats van het voormalige walvislandstation Smerenburg op het Amsterdam-eiland bij Noordwest-Spitsbergen op 79 graden Noorderbreedte doorgebracht. Zijn gewaagd verblijf in dat barre oord is gelukkig goed afgelopen. Na zijn voorbereidend onderzoek hebben in 1979 en 1980 Nederlandse expeditieën onder leiding van de heer L. Hacquebord van het Arctisch Centrum het onderzoek op veelzijdige wijze aangepakt. Dit "Smerenburgproject" omvatte in 1979 Amsterdam-eiland, in 1980 ook het Deense eiland en de "Zeeuwsche Uytkyck" (Ytre Norsköya). Het algemene doel was flora en fauna van Spitsbergen te leren kennen en inzicht in bedrijf, leven en sterven op de 17de-eeuwse Nederlandse landstations te verwerven.

De expeditie in 1979 had geen eigen vervoer en ondervond daardoor bij haar aankomst veel vertraging. De tweede kreeg in 1980 de beschikking over het vroegere loodsvaartuig 'Plancius'. Dit vervoerde expeditieleden naar de eilanden bij Spitsbergen en bracht hen weer thuis. Volgens het openhartige verslag van de journalist René de Bok in "Spitsbergen 79° Nb." was de bemanning blijkbaar bijeen geraapt en de verstandhouding met sommige leden daarvan soms gespannen. Enige expeditieleden bleken verwend door de huidige welzijns- en welvaartsstaat in Nederland, maar zij allen hebben zich goed aangepast bij de barre Natuur en het harde werk op Spitsbergen.

Het hier besproke boek bevat bijdragen van drie skrywers. Hacquebord berichte over de Nederlandse walvisvangst by Spitsbergen en in de Poolzee en over die eerste resultate van het Smerenburgprojekte. Bas Kist beskryf sy eensaam verblyf op het Amsterdameiland en sy pionierswerk aldaar. René de Bok skryf over die belewenisse van die ekspedities in 1979 en '80.

Het historiese hoofdstuk over die walvisvaart bevat weinig fouten. Die haringvisserij heette niet die kleine visserij (p. 19), doch die grote. Ik weet niet van walvissepe met dode bemanning als drijvende spooksepe in die Poolzee (p. 37). Op p. 37 zou ik graag die bijdrage van P. Dekker over het ontstaan van die vaart naar Straat Davis vermeld sien. Het Nederlandse walvissepe 'Harlingen' is in 1826 niet in Straat Davis (p. 38) doch in die Baffinsbaai vergaan. Die laatste Arctiese reise der Nederlanders (p. 39) golden in feite die robbevangst, want die walvisvangst was onbetekenend geword. Zaandam was een dorp en daarom nooit in die Noordsche Compagnie vertegenwoordigd (p. 45).

Elke generatie heeft die mooie verhalens over Smerenburg van die voorgaande generatie verder verfraaid. In die loop van 3 eeue is uit het sobere zomerdorp en barakkenkamp Smerenburg in die verbeelding een tydelijke stad met teen 10 000 inwoners, met welvoorzene winkels en kroegen, een bakkerij, een kerk, fort en bordeel met jaarlikse kermis als tegehanger van Amsterdam gegroeid. Hacquebord heeft die stad der fantasie teruggebracht tot kleine afmeting met 150 tot 225 bewoners (p. 146).

Belangwekkende vondsten zijn die graven der zeven overwinteraars, die op Smerenburg in 1636 zijn overleden en wier graven gelukkig ongeschonden zijn gebleven, die ongestoorde begraafplaats op die Zeeuwsche Uytkyck, die vondst van steenkool, welke op Spitsbergen moet zijn gedolven, en die vondst van delen van sloepen, welke hopelijk in staat zullen stellen om die Nederlandse walvissepe in detail te reconstrueren.

Omdat die meeste graven op het Amsterdam-eiland gestoord bleken, is het Leidse duo in 1980 naar die Zeeuwsche Uytkyck vertrokken, waar zelden toeristen komen en die graven ongestoord waren. Zij hebben daar vele resten gevond van beenderen en kleding. Van 50 onderzochte overledenen waren die meesten tamelijk jong, gemiddeld ruim 25 jaar. Ten minste 13 zijn gestorven aan scheurbuik, wat men had kunnen voorkomen door het eten van walvissepe en -vles en lokale sla. Veelvuldige breuken van botten wezen op vele ongevallen by het ruwe en gevaarlike werk der Nederlandse walvisvaarders (p. 155).

Die huidige mens komt onder die indruk van het harde werk en die ontberingen, welke walvisvaarders in het hoge Noorden hebben geledens, en denkt aan die dichtregels voorin die gedrukte journaals van die overwinteraars op Smerenburg en Jan Mayen in 1634—36: Exempel is dit Volck, dees' Hollantsche Ghesellen, Wiens werken na haer doot wy U voor oogen stellen.

Opgraven van grondslagen van loodsen, barakken en traanovens hebben gegevens voor het bestuderen van het bedryf van die walvisvangst opgeleverd. Het boek is goed verlucht met oude afbeeldingen en foto's van Ben Bekooy. Het wekt belangstelling voor die verwachte gedetailleerde resultate van het projekte. Het heeft mijn aandacht gevestigd op een leemte in die Nederlandse geschiedskrywing: een uitvoerig overzicht van Nederlandse ontdekkingsreise in Arctica in voorgaande eeue.

C DE JONG
Universiteit van Suid-Afrika

PJ NIENABER en CJP LE ROUX, *Vrystaat-fokus*, Christelike Uitgewersmaatskappy, Roodepoort, 1982. 97 pp., ill.

Prof. PJ Nienaber, hoof van die Vrystaatse museumdiens, en mnr CJP le Roux het 'n mooi boek getitel *Vrystaat-fokus* oor die historiese en argitekturele gedenktekens van hul provinsie saamgestel en uitstekend verlug met foto's van Etienne Botha. Die boek is met geldelike steun van SASOL deur die Christelike Uitgewersmaatskappy uitgegee. Dit beskryf die monumente in die stede en dorpe van die Oranje-Vrystaat aan drie roetes en bevat 'n rykdom van inligting, toegelig met foto's in kleur en swartwit.

Naas groot waardering vir hierdie werk het ek ook aanmerkings. 'n Landkaart van die Vrystaat met aanwysing van die gedenktekens ontbreek. Die samestelling van die afbeeldings is onewewigtig; van die 63 deur my getelde afbeeldings het nie minder as 33 betrekking op verdienstelike persone en daar is min afwisseling onder die afgebeelde suile, obeliske, kruise en kerke. Slegs 13 foto's toon geboue, hoewel die teks dikwels uitvoerig na geboue verwys. Twee foto's toon monumente vir burgers uit die Anglo-Boereoorlog. Die 15 oorblywende illustrasies is van uiteenlopende besienswaardighede soos klipkrale, kanonne en natuurlandskappe. Van die mooi hoofstad Bloemfontein se geboue is geen foto opgeneem nie.

Hier en daar is geskiedkundige vergissings begaan. Op p. 58 is generaal Marthinus Prinsloo wat in Julie 1900 by Fouriesburg oorgegee het, Michael Prinsloo genoem; Michael was egter 'n dapper generaal. Op p. 61 word berig dat generaal CR de Wet in 1914 in Suidwes-Afrika gevang is; dit het egter by Kuruman

in Noord-Kaapland gebeur. Op p. 70 lees ek dat in die geveg by Lindley op 27—31 Mei 1900 M Prinsloo en Piet de Wet tot oorgawe gedwing is, maar dit is onjuis.

Die skrywers volg die hedendaagse gewoonte om sterlingbedrae in Rand om te sit, maar dit is verkeerd. Voor 1960 was die Rand as geldeenheid onbekend en by omrekening in Rand moet bowendien die koers vermeld word. Ou eenhede van geld, mate en gewigte behoort in historiese werke onveranderd te bly en omrekening daarvan behoort in verwysings gespesifiseer te word.

Daar bestaan nou ook 'n neiging om ou Nederlandse name in Suid-Afrika te verafrikaans, byvoorbeeld Paardeberg word Perdeberg en van name soos Steynsrust, Odendaalsrust en Sanna'spost word die laaste letter weggelaat. Ook dit is in stryd met die historiese aard van die plekname, en val op in die onderhawige werk.

Vrystaat-fokus is 'n goeie toevoeging tot die literatuur oor gedenkwaardighede in die Oranje-Vrystaat.

C DE JONG
Universiteit van Suid-Afrika

ELIZAVETA KANDYBA-FOXCROFT, *Russia and the Anglo-Boer War 1899—1902*, Christelike Uitgewers-Maatskappy, Roodepoort, 1981, 407 pp., ill., prijs R20,00.

De skryfster stamt uit de hoge Russische adel en is geboren te Poltawa in de Oekraïne. Na de Russische Revolutie in 1917 en de burgeroorlog, 1918—20, is zij met haar moeder uitgeweken naar Boelgarije en na enige jaren naar Parijs gereisd. Zij is opgevoed in Frankrijk en later in Brittannië en studeerde Frans en Russisch aan de Universiteit van Oxford. Zij ontving daar haar graad Honours BA in 1934 en haar magistersgraad in 1946. Zij trouwde in 1934, werkte in Wereldoorlog II bij de censuur in Londen en emigreerde in 1947 naar Zuid-Afrika.

In 1960 is zij benoemd tot eerste hoofd van het nieuwe departement voor Russische taal en letterkunde in de Universiteit van Suid-Afrika (UNISA) te Pretoria en werd in december 1977 gepensioeneerd. Zij bezocht vanuit Zuid-Afrika (met een Brits paspoort) vijfmaal de Sovjet-Unie en ontving van de Staatsbibliotheek te Moskou en andere overheidsinstellingen veel materiaal over de houding der Russen tegenover de oorlog in Zuid-Afrika, 1899—1902, en vele boeken, microfilms, dia's en grammofonplaten betreffende Rusland, bestemd voor UNISA.

Na haar pensioenering heeft zij haar boek *Russia and the Anglo-Boer War* persklaar gemaakt na tien jaar werk aan het uitgebreide materiaal, dat zij uit de Staatsbibliotheek te Moskou en van elders heeft ontvangen en dat buiten de USSR grotendeels onbekend is.

Het boek bevat bondige, degelijke hoofdstukken met zakelijke inhoud over de buitenlandse politiek van het Tsarenrijk met betrekking tot de oorlog in Zuid-Afrika, de binnenlandse politieke en economische moeilijkheden in Rusland omstreeks 1900 wegens de despotische regering, de depressie en sociale onrust, de openbare mening, welke unaniem pro-Boer was, Russische beschouwingen over de aanleiding tot de oorlog, Russische diplomatieke stappen ten behoeve van de Boerenrepublieken, perscommentaren van conservatieve, liberale en socialistische periodieken op de oorlog, meningen van Russische militaire attachés in Londen, Brussel en Zuid-Afrika over het Britse leger en thuisfront, de Russische en de Russisch-Nederlandse ambulances in Zuid-Afrika en Russische oorlogsvrijwilligers bij het Boerenleger.

De schrijfster idealiseert en verbloemt niet. Zij wijst op de onwetendheid in Rusland inzake Zuid-Afrika en verklaart de Russische geestdrift voor de Boeren niet alleen uit de anti-Britse stemming, maar ook uit het algemene Russische idealisme, dat in de Boeren een beter soort Russen zag en zijn idealen op de onbekende Boeren projecteerde. Zij noemt het Tsarenrijk wegens zijn binnenlandse moeilijkheden een reus op lemen voeten; dit verklaart, dat de Russische regering toen Brittannië in Zuid-Afrika de handen vol had, volstond met enige troepenverplaatsing naar de grens van de bufferstaat Afghanistan en met enige zwakke pogingen om Duitsland en Frankrijk te bewegen om ten behoeve van de Boerenrepublieken tussen beide te komen. De Duitse keizer weigerde, omdat hij in een fase van toenadering tot Brittannië verkeerde, en toen liet ook Frankrijk het afweten.

Russisch imperialisme botste met het Britse en de Russische publiciteit beschreef daarom de Britten als materialisten en koude, gewetenloze kapitalisten. Mevrouw Foxcroft laat blijken, dat zij dit eenzijdige beeld van de Britse natie als louter propaganda beschouwt.

Terwijl de regering van de Tsaar tegenover de Boerenrepublieken welwillend neutraal bleef, toonde het Russische volk van hoog tot laag zijn geestdrift voor de Boeren door het zenden van vrijwilligers en twee ambulances, de eerste met staatsgeld, de tweede geheel met particuliere giften, en het schenken van geld en trofeeën; een trofee, de "bratina", een fraaie doos met duizenden handtekeningen van sympathisanten, is thans in een museum te Pretoria. De tweede ambulance bestond voor de helft uit Nederlands personeel. Ds.

Gillot van de Nederlandse gemeente te Sint Petersburg heeft een sleutelpositie in de Russische hulp, onder meer voor de tweede ambulance, ingenomen. Zuster Sophia Izedinova, heeft in haar boek *A few months with the Boers* (vertaald door G. Moody, Perskor, Johannesburg 1977), verslag over de ambulance op reis en op het oorlogstoneel gedaan.

De Anglo-Boerenoorlog heeft lang in de herinnering der Russen voortgeleefd. Toen mev. Foxcroft in de jaren '70 de USSR bezocht, vroeg een der aanwezigen op een bijeenkomst haar: "What has become of the nice Boers, of whom our parents have told us?" Een andere aanwezige zei hem toen: "This is a stupid question! Do not you know that the Afrikaners have bumped off all the Boers?"

De schrijfster geeft een interessant beeld van de oorlog, gezien door de ogen van Russen onder het ambulancepersoneel, de attaches en de vrijwilligers. Zij betracht daarbij de gewenste objectiviteit en idealiseert nóch de Boeren nóch hun buitenlandse helpers. Er is in Zuid-Afrika ten minste één gedenkteken voor een Russische vrijwilliger, kapitein Leo Pokrowsky. Hij is 27 jaar oud op Kerstavond 1900 bij een mislukte aanval op Utrecht (Natal) gesneuveld. Een grote marmeren plaat voor het oorlogsmonument te Utrecht is aan hem gewijd.

Die stofomslag van het hier besproken boek vertoont in kleur het schokkende tafereel (in spiegelbeeld) van het brandende kamp van Cronjé bij Paardeberg naar het grote schilderij van Reisacher in het Nasionale Kultuurhistoriese Museum te Pretoria. De afbeeldingen zijn goed gekozen, maar de uitgever heeft het portret van de Rus Karl von Rennenkampff, een van de twee Europese artsen die tot de vrede de commando's in het veld hebben bijgestaan, niet opgenomen. Op p. 263 staat het geschilderde, trieste portret van PA Cronjé, die in Europa, ook Rusland, als een held vereerd is, maar na zijn overgave bij Paardeberg door de Afrikaners verguisd is. Het schilderij is gemaakt, toen hij als medewerker van een reizend circus na de oorlog in de USA was. Hij is daar hertrouwd met een toneelspeelster, die hem niet gelukkig heeft gemaakt.

De uitvoerige bijlagen beslaan pp. 291 – 381 en zijn uit Rusland of uit het Staatsargief in Pretoria. Interessant zijn onder meer de Beschrijvingen door de militaire attachee Gurko van Boerenleiders op pp. 332 – 338.

De bibliografie bevat een uitvoerige bronnenlijst van Russische en andere geschriften. Het boek is een bijzondere aanwinst voor de reeds uitgebreide literatuur over de Tweede Anglo-Boerenoorlog.

C DE JONG
Universiteit van Suid-Afrika

JOHN WHEELER-BENNETT, *The nemesis of power. The German army in politics, 1918 – 1945*, Macmillan, London, 1980, xi + 829 pp, bibl., index, illus., R20,95.

There seems to be little point in writing a detailed review of a reprint of a book that was first published nearly thirty years ago. It would appear to be particularly presumptuous to do so when the author and his book has been as highly acclaimed as have Sir John Wheeler-Bennett and his massive masterpiece on the political role of the German army between the end of the First and the end of the Second World Wars. It is nevertheless fitting to remind readers of the calibre of Wheeler-Bennett and his work.

Sir John Wheeler-Bennett died on 9 December 1975 at the age of 72 after a remarkable career in public life and as an historian. He was unusual, if not unique, in that he was a professional historian whose formal education ended when he left school and that he never studied at a university. He was made an MA of Oxford by decree in 1946 to give him the status to teach at that university. He also lectured subsequently at American universities.

In his autobiographical volume, *Knaves, Fools and Heroes*, Wheeler-Bennett claimed that his career as an historian had been influenced in a marked degree by four men. Anthony Eden (British foreign secretary and subsequently premier), Sir Neill Malcolm (head of the British military mission in Berlin after November 1918) and Harold Macmillan (like Eden to become a Tory prime minister) had focused his attention on what was to become his major field of research — Germany and international affairs. The fourth factor in the shaping of his historical craft was Sir Lewis Namier, generally regarded as one of the greatest historians of modern times. Until Namier's death in 1960 he read and incisively criticised everything Wheeler-Bennett wrote.

Wheeler-Bennett who was a prolific author, considered that his best work was *Brest-Litovsk: the forgotten Peace, 1918* (written in 1939) although other critics would give pride of place to *Munich: Prologue to tragedy* (1963) or to *Hindenburg: Wooden titan* (1967). Wheeler-Bennett wrote extremely detailed studies, painstakingly documented and illuminated by a vivid and graphic style. His work was widely held up as outstanding examples of the professional craft of a scientific historian.

Wheeler-Bennett was a writer of contemporary history, and the point was made in his obituaries that his life not only spanned but was intimately involved with the great events about which he wrote. Some of his

friends in high places have been mentioned — he also knew Winston Churchill very well. His work at the British Library of Information, at the British Political Warfare Mission in the United States and the Allied Military Government in Europe brought him into close contact with other leading political figures from many countries. He interviewed ex-Kaiser Wilhelm II and Leon Trotsky shortly before their deaths. In Berlin he dined with some of the victims of the Night of the Long Knives shortly before they were murdered. In fact, Wheeler-Bennett's personal life and the politics of his time (which formed the subject-matter of his books) overlapped to such an extent that a critic once commented that he was not really a historian, but a first-rate writer of memoirs.

Wheeler-Bennett related that the original idea of writing *The nemesis of power* came after he read Hugh Trevor-Roper's manuscript which was published as *The last days of Hitler*. Wheeler-Bennett planned to write a short account of the failure of the plot on Hitler's life of 20 July 1944, modelled on Trevor-Roper's brief and succinct book. Soon after he started working on this project, however, he realised, as he put it in *Friends, Enemies and Sovereigns*, that "the plot of 20 July was the tragic and futile culmination of a whole period of history". What emerged after his prolonged research into official and private documents, diaries, court proceedings, newspapers, films, pamphlets and books and interviews with participants, was a book nearly 1 000 pages in length. It was a book which attempted in the author's own words "to tell the story of how the German army having achieved supreme power within the State, threw away the substance for the shadow and became a victim to the Nemesis of this action".

Wheeler-Bennett assessed the army's responsibility for Hitler's coming to power. He distinguished between opposition and resistance and sharply analysed the matter of German resistance to Hitler. In an epilogue he discussed the question of German rearmament. The reprint in paperback of this fine study will be widely welcomed.

SB SPIES
University of South Africa